


# RV 890 / CAMPER 890 / RV 1090 / CAMPER 1090

## Gebruikershandleiding

© 2020 Garmin Bpk. of filliale

Alle regte voorbehou. Ingevolge kopieregwetgewing mag hierdie handleiding nie sonder die skriftelike toestemming deur Garmin gekopieer word nie, hetsy in die geheel of gedeeltelik. Garmin behou die reg voor om sy produkte te verander of te verbeter en om veranderinge aan die inhoud van hierdie handleiding te maak sonder 'n verpligting om enige persoon of organisasie in kennis te stel van sulke veranderinge of verbeteringe. Besoek www.garmin.com vir huidige bywerkings en aanvullende inligting rakende die gebruik van hierdie produk.

Garmin® en die Garmin-logo is handelsmerke van Garmin Ltd. of sy filiaalmaatskappye, geregistreer in die VSA en ander lande. Hierdie handelsmerke mag nie sonder Garmin se uitdruklike toestemming gebruik word nie.

BC™, Fusion®, Fusion-Link™, Garmin Drive™, Garmin Express™, Garmin PowerSwitch™ en myTrends™ is handelsmerke van Garmin Ltd. of sy filiaalmaatskappye. Hierdie handelsmerke mag nie sonder Garmin se uitdruklike toestemming gebruik word nie.

Android™ is 'n handelsmerk van Google Inc. Apple® en Mac® is handelsmerke van Apple Inc., geregistreer in die VSA en ander lande. Die BLUETOOTH® woordmerk en logo's behoort aan Bluetooth SIG, Inc., en enige gebruik van dié woordmerk of logo deur Garmin is onder lisensie. Foursquare® is 'n handelsmerk van Foursquare Labs, Inc. in die VSA en in ander lande. HISTORY® en die H-logo is handelsmerke van A+E Networks en word in die Verenigde State en ander lande wêreldwyd beskerm. Alle regte voorbehou. Met toestemming gebruik. microSD® en die microSDHC-logo is handelsmerke van SD-3C, LLC. TripAdvisor® Is 'n geregistreerde handelsmerk van TripAdvisor LLC. Ultimate Campgrounds Is 'n handelsmerk van The Ultimate Public Campground Project. Windows® is 'n geregistreerde handelsmerk van Microsoft Corporation in die Verenigde State en ander lande. Wi‑Fi® en Wi-Fi CERTIFIED MiraCast™ is geregistreerde merke van Wi-Fi Alliance Corporation.

# Inhoudsopgawe

**Spring weg** .... 1
Toesteloorsig .... 1
Montering van en kragtoevoer aan die toestel in jou voertuig .... 2
Installeer die inskroef-balmontering op die paneelbord .... 4
Installering van die balmonteringhegstuk .... 5
Aan- of Afskakel van die Toestel .... 6
Verkry GPS-seine .... 6
Tuisskerm .... 7
Oopmaak van ’n toepassing .... 8
Byvoeg van kortpaaie op die tuisskerm .... 8
Besigtig kennisgewings .... 8
Statusbalk-ikone .... 8
Gebruik van die aanraakskerm .... 8
Verstelling van skermhelderheid .... 9

**Voertuigprofiele** .... 9
Byvoeg van ’n voertuigprofiel .... 9
Motorprofiel .... 9
Wissel die voertuigprofiel .... 10
Voeg propaantenks by .... 10
Wysig ’n voertuigprofiel .... 10

**Bestuurderbewustheidskenmerke en -Waarskuwings** .... 11
Ontsper of Versper van Bestuurderwaarskuwings .... 11
Rooilig- en spoedkameras .... 12

**Navigeer na Jou Bestemming** .... 12
Roetes .... 12
Begin ’n Roete .... 12
Gebruik die Kaart om ’n Roete te Begin .... 12
Gaan Huis toe .... 13
Wysig Jou Huisligging .... 13
Jou Roete op die Kaart .... 13
Aktiewe Baanleiding .... 14
Bekyk Draaie en Aanwysings .... 15
Besigtiging van die Volledige Roete op die Kaart .... 15
Aankoms by Jou Bestemming .... 15
Parkering Naby Jou Bestemming .... 15
Verander Jou Aktiewe Roete .... 16
Byvoeg van ’n Ligging op Jou Roete .... 16
Vorm Jou Roete .... 16
Gebruik ’n Ompad .... 16
Verander die Roeteberekeningsmodus .... 16
Stop van die Roete .... 17
Gebruik Voorgestelde Roetes .... 17
Vermy Vertragings, Tolgeld en Gebiede .... 17
Vermy Verkeersvertragings op Jou Roete .... 17
Vermy Tolpaaie .... 17
Vermy tolplakkers .... 17
Vermy Padkenmerke .... 18
Vermy Omgewingsones .... 18
Pasgemaakte vermydings .... 18
Vermyding van ’n Pad .... 18
Vermyding van ’n Area .... 18
Versper van ’n Selfgekose Vermyding .... 18
Skrap van pasgemaakte vermydings .... 18

**Vind en Berg Liggings** .... 19
Belangepunte .... 19
Vind van HISTORY belangepunte .... 19
Vind nasionale parke .... 20
Vind kampeerterreine .... 20
Vind kampeerterreine met geriewe .. 20
Vind RV-dienste .... 20
Vind van ’n ligging met gebruik van soekbalk .... 21
Vind van ’n Adres .... 21
Vind van ’n Ligging volgens Kategorie .... 21
Soek binne ’n kategorie .... 21
Liggingsoekresultate .... 22
Wysig die Soekgebied .... 23
Selfgekose Belangepunte .... 23
Installeer tans BP-laaiersagteware .. 23
Vind van Pasmaak-BP’s .... 23
Parkering .... 24
Vind Parkering Naby Jou Huidige Ligging .... 24

Verstaan Parkeerkleure en -simbole 24
Soeknutsmiddels 24
Vind ’n Kruising 24
Vind ’n Ligging met gebruik van Koördinate 24
Foursquare 24
Verbind aan Jou Foursquare rekening 25
Soek na Foursquare belangepunte 25
Besigtig Foursquare liggingbesonderhede 25
TripAdvisor 25
Vind TripAdvisor belangepunte 25
Besigtig Liggings wat Onlangs Gevind is 25
Wis van Lys Liggings wat Onlangs Gevind is 25
Sien die Huidige Ligginginligting 25
Vind Nooddienste en Brandstof 26
Kry Aanwysings na jou Huidige Ligging 26
Byvoeging van ’n Kortpad 26
Verwydering van ’n Kortpad 26
Berg Liggings 26
Berg ’n Ligging 26
Berg Jou Huidige Ligging 26
Wysiging van ’n Gebergde Ligging 27
Toeken van Kategorieë aan ’n Gebergde Ligging 27
Skrap van 'n Gebergde Ligging 27

**Gebruik van die kaart 27**

Kaartnutsmiddels 28
Besigtig ’n Kaartnutsmiddel 28
Vorentoe 28
Besigtig Opkomende Liggings 28
Verpersoonliking van die Vorentoe-kategorieë 29
Stede vorentoe 29
Besigtig opkomende stede en afritdienste 29
Waarskuwing- en Waarskuwenksimbole 29
Beperkingswaarskuwings 30
Padtoestandwaarskuwings 30
Waarskuwings 31
Ritinligting 31
Besigtig Ritdata vanaf die Kaart 31
Verpersoonliking van die Ritdatavelde 31
Besigtig die Ritlog 31
Herstel van ritinligting 31
Besigtig Opkomende Verkeer 31
Besigtiging van verkeer op die kaart 31
Soek vir verkeersvoorvalle 32
Verpersoonliking van die Kaart 32
Verpersoonliking van die Kaartlae 32
Verander die Kaartdataveld 32
Verander die Kaartperspektief 32

**Regstreekse Dienste, Verkeer en Slimfoonkenmerke 32**

Paring met jou slimfoon 33
Wenke na die paring van die toestelle 33
Paar bykomende Bluetooth toestelle 33
Gaan na ’n adres of ligging met gebruik van die Garmin Drive toepassing 33
Slimkennisgewings 33
Ontvang Kennisgewings 34
Vryhand-oproepe 34
Maak van ’n Oproep 34
Ontvang van ’n Oproep 34
Gebruik In-oproep-opsies 35
Om ’n foonnommer as voorafgestel te berg 35
Koordlose Kopstukke 35
Ontsper of Versper van Bluetooth-kenmerke 35
Wys of verberg toepassingkennisgewings (Android™) 35
Vertoon of Versteek Kennisgewingkategorieë vir Jou Apple® Toestel 35
Ontkoppel ’n Bluetooth toestel 36
Skrap van ’n gepaarde Bluetooth toestel 36

**Verkeer 36**

Ontvang verkeersdata met gebruik van jou slimfoon 36

Ontvang verkeersdata met gebruik van ’n verkeersontvanger 37
Besigtiging van verkeer op die kaart 37
Soek vir verkeersvoorvalle 37

**Stemopdrag 37**
Wenke vir Praat op die Toestel 37
Begin Garmin stemgeaktiveerde navigasie 38
Nagaan van jou aankomstyd 38
Maak ’n Foonoproep Met Gebruik Van Jou Stem 38
Verander toestelinstellings met gebruik van jou stem 38

**Gebruik van die Toepassings 38**
Besigtiging van die Eienaarshandleiding op Jou Toestel 38
Ritbeplanner 38
Beplan ’n Rit 39
Wysig en Herorden Liggings in ’n Rit 39
Optimaliseer die Bestemmingsvolgorde op ’n Rit 39
Ontdek Besienswaardighede Tydens Jou Rit 39
Verander Roete-opsies vir ’n Rit 39
Navigeer na ’n Gebergde Rit 40
Wysig en Berg Jou Aktiewe Roete 40
TracBack® 40
Volg van jou onlangse spoor 40
Berg jou onlangse spoor as 'n rit 40
Fusion-Link™ koordlose afstandbeheertoepassing 40
Verbind aan ’n stereo met gebruik van Bluetooth 40
Verbind aan ’n stereo met gebruik van ’n koordlose netwerk 41
Musiekterugspeel 41
Speel Musiek 41
Kies ’n bron 41
Terugspeelkontroles 41
Oudiobeheer 42
Verstel die volume vir ’n sone 42
Verstel die toon 42
Versper die Hard-instelling vir ’n sone 42
Verstel die toename vir ’n aanvullende toestel 42
Luidsprekersones 42
DSP-instellings 43
Voorafingesteldes 43
Berg ’n stasie as ’n voorafingestelde 43
Kies ’n voorafingestelde uit ’n lys 43
Die verwydering van voorafingesteldes 43
Oudio-instellings 44
Instellings vir luidsprekersone 44
Logdiensgeskiedenis 44
Voeg tans dienskategorieë by 45
Skrap tans dienskategorieë 45
Herbenoem dienskategorieë 45
Wysig tans ’n diensrekord 45
Skrap tans diensrekords 45
Besigtig Vorige Roetes en Bestemmings 45
Besigtig die Weervoorspelling 45
Sien Weer Naby ’n Ander Stad 46
Garmin PowerSwitch™ Toepassing 46
Om ’n kragskakelaar te aktiveer 47
Om alle skakelaars af te skakel 47
Om ’n knoppie te verpersoonlik 47
Toekenning van ’n skakelaar aan ’n kontrole-inset 47
Om ’n verpersoonlikte uitleg by te voeg 47
Byvoeg van ’n knoppie op ’n selfgekose uitleg 48
Om knoppies in ’n verpersoonlikte uitleg te rangskik 48
Om ’n verpersoonlikte uitleg of knoppie te skrap 48

**Instellings 49**
Navigasie-instellings 49
Kaart- en Voertuiginstellings 49
Ontsper kaarte 49
Verbind aan ’n koordlose netwerk 49
Ontsper Bluetooth Koordlose Tegnologie 49
Bestuurderbystandinstellings 50
Verkeersinstellings 50
Vertooninstellings 50

Klank- en kennisgewinginstellings....... 51
Verstel Klank- en Kennisgewingvolume....................... 51
Stel ’n Alarm..................................... 51
Ontsper of versper van liggingdienste....................................... 51
Stel die tekstaal.................................. 51
Datum- en tydinstellings...................... 51
Toestelinstellings................................ 52
Herstel van Instellings......................... 52

**Toestelinligting.............................. 52**
Besigtig regulatoriese en nakomingsinligting vir e-etiket............ 52
Spesifikasies....................................... 52
Laai van die Toestel............................ 52

**Toestelonderhoud.......................... 53**
Garmin steunsentrum.......................... 53
Bywerking van kaarte en sagteware met behulp van ’n Wi-Fi netwerk................. 53
Bywerking van kaarte en sagteware met Garmin Express................................... 54
Installeer Garmin Express................ 55
Toestelsorg......................................... 55
Skoonmaak van die Buitenste Omhulsel.......................................... 55
Skoonmaak van die aanraakskerm.. 55
Vermyding van Diefstal.................... 56
Herstel van die toestel......................... 56
Verwydering van die Toestel, Montering en Suigdoppie...................................... 56
Verwyder die Montering van die Suigdoppie....................................... 56
Verwydering van die Suigdoppie vanaf die Windskerm................................. 56

**Foutopsporing................................ 56**
Die suigdop wil nie op die windskerm bly nie....................................................... 56
Die montering hou nie my toestel in plek terwyl ek bestuur nie........................... 56
My toestel verkry nie satellietseine nie....................................................... 56
Die toestel laai nie in my voertuig nie.. 57
My battery bly nie vir baie lank gelaai nie....................................................... 57
My toestel verbind nie aan my foon nie....................................................... 57

**Bylaag............................................ 57**
Garmin PowerSwitch........................... 57
Oorwegings vir montering............... 57
Montering van die toestel................ 58
Om die voorste deksel oop te maak............................................... 59
Om bybehore te koppel.................... 60
Om ’n kontrole-inset te koppel.......... 60
Koppeling van die toestel aan voertuigkrag..................................... 61
Om met ’n Garmin navigasietoestel te paar.................................................. 61
Garmin PowerSwitch spesifikasies.................................... 62
Foutopsporing................................. 62
My Garmin PowerSwitch wil nie gekoppel bly nie............................ 62
My bybehore ontvang nie krag nie................................................ 62
Trukameras......................................... 62
Paar ’n BC™ 35 trukamera met ’n Garmin navigasietoestel.................. 63
Koppel ’n trukamera met bedrading.......................................... 63
Sien die trukamera........................... 64
Wissel kameras............................ 64
Verander die kamera-oriëntasie... 64
Koppel ’n paneelbordkamera aan die kragmontering.................................... 65
Databestuur......................................... 65
Omtrent Geheuekaarte..................... 65
Installasie van ’n Geheuekaart vir Kaarte en Data................................. 65
Formateer die geheuekaart............. 66
Verbind die Toestel aan Jou Rekenaar.......................................... 66
Oordra van Data vanaf Jou Rekenaar.......................................... 66
Oordra van GPX-lêers vanaf jou rekenaar........................................... 66
Uitvoer van GPX-lêers met die Garmin Drive toepassing.............................. 67
Invoer van GPX-lêers met die Garmin Drive toepassing.............................. 67

Uitvoer van GPX-lêers met ’n geheuekaart........................................ 67
Invoer van GPX-lêers met ’n geheuekaart........................................ 67
Die Aankoop van Bykomende Kaarte.. 67
Aankoop van Bybehore......................... 67

# Spring weg

**⚠ WAARSKUWING**

Sien die *Belangrike Veiligheids- en Produkinligting*-gids in die produkhouer vir produkwaarskuwings en ander belangrike inligting.

- Werk die kaarte en sagteware op jou toestel by (*Bywerking van kaarte en sagteware met behulp van 'n Wi-Fi netwerk*, bladsy 53).
- Monteer die toestel in jou voertuig en koppel dit aan krag (*Montering van en kragtoevoer aan die toestel in jou voertuig*, bladsy 2).
- Verstel die volume (*Verstel Klank- en Kennisgewingvolume*, bladsy 51) en skermhelderheid (*Verstelling van skermhelderheid*, bladsy 9).
- Stel 'n voertuigprofiel op vir jou kampeerwa (*Byvoeg van 'n voertuigprofiel*, bladsy 9).
- Navigeer na jou bestemming (*Begin 'n Roete*, bladsy 12).

## Toesteloorsig






| | |
|---|---|
| ① | Mikrofoon vir vryhandoproepe en stemopdrag |
| ② | Volumebeheer |
| ③ | Kragtoets |
| ④ | Mikro-USB-poort vir krag en data |
| ⑤ | Geheuekaartgleuf vir kaart en data |
| ⑥ | Magnetiese monteerkoppelvlak met koppelstuk met 14 pennetjies |
| ⑦ | Luidspreker |

## Montering van en kragtoevoer aan die toestel in jou voertuig

**⚠ WAARSKUWING**

Hierdie produk bevat 'n litiumioon-battery. Om die moontlikheid van persoonlike besering of produkskade te voorkom wat veroorsaak word deur die blootstelling van die battery aan uiterste hitte, berg die toestel buite bereik van direkte sonlig.

Die toestel en sy monteerstuk bevat albei magnete. Onder sekere omstandighede kan magnete inmeng met sommige interne mediese toestelle en elektroniese toestelle, insluitend pasaangeërs, insulienpompe of hardeskywe in skootrekenaars. Hou die toestel weg van mediese toestelle en elektroniese toestelle.

Voordat jy jou toestel op batterykrag gebruik, moet jy dit laai.

1 Maak die hefboom oop ①, druk die suigdoppie teen die windskerm, en trek die hefboom terug na die windskerm toe.

   Die hefboom moet na die bokant van die windskerm toe wys.




2 Prop die voertuigkragkabel ② in by die poort op die monteerstuk.

3 Indien nodig, maak die duimskroef op die suigdoppie-arm los ③ en die moer op die balmontering ④, en verstel die montering besigtiging en werking.




4 Draai die duimskroef vas op die suigdoppie-arm en die moer op die balmontering.
5 Plaas die toestel op die magnetiese montering.



6 Prop die ander kant van die voertuigkragkabel by ’n kragpunt in jou voertuig in.

## Installeer die inskroef-balmontering op die paneelbord

Voordat jy die inskroef-balmontering aan jou paneelbord kan vasheg, moet jy ’n geskikte ligging op die paneelbord kies.

**⚠ WAARSKUWING**

Dit is jou verantwoordelikheid om te verseker dat die monteringsligging aan alle toepaslike wette en ordonnansies voldoen, en nie jou aansig van die pad blokkeer gedurende die veilige bestuur van jou voertuig nie.


***KENNISGEWING***

Vermy drade, meters, lugsakke, lugsakomhulsels, HVAC, en ander items terwyl jy loodsgaatjies boor en die montering aan die voertuig heg. Garmin® is nie verantwoordelik vir enige skade of gevolge wat ontstaan uit die installasie nie.

***KENNISGEWING***

Garmin beveel professionele installasie van die inskroef-balmontering aan.

1 Plaas die monteerstuk ① op die gekose ligging.





2 Gebruik die monteerstuk as ’n profielvorm en merk die drie skroefliggings.

3 Boor loodsgaatjies (opsioneel).

Vir sekere soorte monteermateriaal is dit noodsaaklik om loodsgaatjies te boor.

4 Draai die monteerstuk stewig vas aan die oppervlak met gebruik van die skroewe wat voorsien is ②.

5 Voeg die balmonteringarm ③ in die montering.





6 Voeg die duimskroef ④ in die montering en draai dit vas om die balmonteringarm in plek te hou.

## Installering van die balmonteringhegstuk


Jou toestel sluit 'n balmontering van een duim in wat versoenbaar is met derdeparty-monteerstukke.

1 Verwyder die vier skroewe ① wat die monteersok in plek hou ② op die magnetiese montering.




2 Verwyder die monteersok.

3 Draai die eenduim-balmontering ③ vas aan die magnetiese montering met gebruik van die skroewe wat in stap 1 verwyder is.



## Aan- of Afskakel van die Toestel

- Om die toestel aan te skakel, druk die kragtoets ①, of koppel die toestel aan ’n kragpunt.




- Om die toestel in kragspaarmodus te plaas, druk die kragtoets terwyl die toestel aan is.

  Terwyl dit in kragspaarmodus is, is die skerm af en gebruik die toestel baie min krag, maar dit kan onmiddellik vir gebruik aankom.

  **WENK:** Jy kan jou toestel vinniger laai deur dit in kragspaarmodus te plaas terwyl jy die battery laai.

- Om die toestel heeltemal af te skakel, hou die kragtoets in totdat ’n aanporboodskap op die skerm verskyn en kies **Skakel Af**.

## Verkry GPS-seine

Wanneer jy jou navigasietoestel aanskakel, moet die GPS-ontvanger satellietdata versamel en die huidige ligging vasstel. Die tyd wat benodig word om satellietseine op te spoor, wissel op grond van verskeie faktore, waaronder hoe ver jy van die ligging is waar jy laas jou navigasietoestel gebruik het, of jy die lug duidelik kan sien, en hoe lank dit was sedert jy laas jou navigasietoestel gebruik het. Die eerste keer wat jy jou navigasietoestel aanskakel, kan dit etlike minute neem om satellietseine op te spoor.

1. Skakel die toestel aan.
2. Bevestig dat in die statusbalk verskyn en ontsper liggingdienste indien dit nie daar verskyn nie (*Ontsper of versper van liggingdienste*, bladsy 51).
3. Gaan, indien nodig, na ’n oop area met ’n duidelike aansig van die lug, weg van hoë geboue en bome.

   Bekom van Satelliete verskyn aan die bokant van die navigasiekaart totdat die toestel jou ligging bepaal.

## Tuisskerm

**LET WEL:** Die tuisskermuitleg kan wissel indien dit gepasmaak is.




| | |
|---|---|
| ① | Vee afwaarts om kennisgewings te besigtig.<br>Vee twee keer afwaarts om vinnig instellings en agtergrondlighelderheid te verander. |
| ② | Kies om ’n roete te begin. |
| ③ | Kies om die kaart te besigtig. |
| ④ | Kies om jou voertuigprofiel te verander. |
| ⑤ | Kies om weerinligting vir jou huidige ligging te sien. Die Garmin Drive™ toepassing word vereis. |
| ⑥ | Kies om slimkennisgewings te sien. Die Garmin Drive toepasing word vereis. |
| ⑦ | Kies om die toepassinglaai oop te maak. Die toepassinglaai bevat kortpaaie na al die toepassings wat op jou toestel geïnstalleer is. |
| ⑧ | Hou om die muurpapier te pasmaak of om hulptuie by die tuisskerm te voeg. |

### Oopmaak van ’n toepassing

Die tuisskerm bevat kortpaaie vir toepassings wat gereeld gebruik word. Die toepassinglaai bevat al die toepassings wat op jou toestel geïnstalleer is, georganiseer in twee oortjies. Die Navigasie-oortjie bevat Garmin toepassings wat nuttig is vir navigasie, versending en diensure-aantekening. Die Nutsmiddels-oortjie bevat toepassings wat nuttig is vir kommunikasie en ander take.

Kies ’n opsie om ’n toepassing oop te maak:

- Kies ’n toepassingkortpad vanaf die tuisskerm.
- Kies ⋯, kies ’n oortjie en kies ’n toepassing.

### Byvoeg van kortpaaie op die tuisskerm

1. Kies ⋯.
2. Kies 'n toepassingsoortjie om bykomende toepassings te besigtig.
3. Hou ’n toepassing in en sleep dit na ’n ligging op die tuisskerm.

### Besigtig kennisgewings

1. Vee af vanaf die bokant van die skerm.
   Die lys kennisgewings verskyn.
2. Kies ’n opsie:
   - Kies die kennisgewing om die aksie of toepassing wat in die kennisgewing genoem word, te begin.
   - Vee die kennisgewing na regs om die kennisgewing toe te maak.

### Statusbalk-ikone

Die statusbalk sit bo-aan die hoofkieslys. Die statusbalk-ikone vertoon inligting oor kenmerke op die toestel.

| | |
|---|---|
| | Liggingdienste is ontsper (*Ontsper of versper van liggingdienste*, bladsy 51). |
| | Bluetooth® tegnologie is ontsper. |
| | Aan ’n Bluetooth toestel gekoppel. |
| | Aan ’n Wi‑Fi® netwerk gekoppel (*Verbind aan ’n koordlose netwerk*, bladsy 49). |
| | Aktiewe voertuigprofiel. Vee twee keer af en kies om die voertuigprofiel-instellings te sien (*Voertuigprofiele*, bladsy 9). |
| | Battery-laaivlak. |

## Gebruik van die aanraakskerm

- Tik op die skerm om ’n item te kies.
- Sleep of vee jou vingers oor die skerm om te swenk of te rol.
- Knyp twee vingers saam om uit te zoem.
- Sleep twee vingers uit mekaar om in te zoem.

## Verstelling van skermhelderheid

Die toestel kan ’n omgewingsligsensor gebruik om die skermhelderheid outomaties volgens jou voertuigomstandighede te verstel (*Vertooninstellings*, bladsy 50). Jy kan die helderheid ook per hand verstel, deur óf die kennisgewingpaneel of die instellingskieslys te gebruik.

**1** Kies ’n opsie:
- Vee twee keer af vanaf die bokant van die skerm om die kitsinstellings in die kennisgewingpaneel oop te maak.
- Kies **Instellings** > **Toestel** > **Vertoon** > **Helderheidsvlak**.

**2** Gebruik die glybalk om die helderheid te verstel.

# Voertuigprofiele

**⚠ WAARSKUWING**

Die invoer van jou voertuig se profielkenmerke waarborg nie dat jou voertuig se kenmerke vir alle roetevoorstelle in berekening gebring sal word of dat jy in alle gevalle die waarskuwingsikone sal ontvang nie. Beperkings kan in die kaartdata bestaan, wat veroorsaak dat jou toestel nie vir al hierdie beperkings of padtoestande verantwoordelik kan wees nie. Gehoorsaam altyd alle gegewe padtekens en padtoestande wanneer bestuursbesluite gemaak word.

Roetebepaling en navigasie word verskillend bereken op grond van jou voertuigprofiel. Die geaktiveerde voertuigprofiel word deur ’n ikoon in die statusbalk aangedui. Die navigasie- en kaartinstellings op jou toestel kan afsonderlik vir elke voertuigsoort verpersoonlik word.

Wanneer jy ’n kampeerwa-voertuigprofiel aktiveer, vermy die toestel die insluiting van beperkte of onbegaanbare gebiede in roetes op grond van die afmetings, gewig en ander eienskappe wat jy vir jou voertuig ingevoer het.

## Byvoeg van ’n voertuigprofiel

Jy moet ’n voertuigprofiel byvoeg vir elke kampeerwa wat met jou toestel gebruik sal word.

**1** Kies die voertuigprofiel uit die tuisskerm.

**2** Kies jou voertuigsoort:
- Om ’n motorwoonwa met ’n permanent-aangehegte kampeerwa by te voeg, kies **Motorwoonwa**.
- Om ’n motorwoonwa by te voeg wat ’n sleepwa sleep, kies **Woonwa met sleepwa**.
- Om ’n kampeerwa by te voeg wat deur ’n passasiersvoertuig gesleep word, kies **Voertuig met sleepwa**.

**3** Indien nodig, kies jou sleepwasoort:
- Om ’n kampeerwa by te voeg wat met ’n standaardhaak gesleep word, kies **Woonwa**.
- Om ’n kampeerwa by te voeg wat met ’n vyfdewielhaak gesleep word, kies **Vyfde wiel**.

  **LET WEL:** Hierdie sleepwasoort is nie in alle areas beskikbaar nie.
- Om ’n bootsleepwa by te voeg wat met ’n standaardhaak gesleep word, kies **Bootsleepwa**.
- Om ’n sleepwa by te voeg wat met ’n standaardhaak gesleep word, kies **Karavaan**.

**4** Volg die instruksies op die skerm om die voertuig se eienskappe in te voer.

Nadat jy ’n voertuigprofiel bygevoeg het, kan jy die profiel wysig om aanvullende gedetailleerde inligting by te voeg (*Wysig ’n voertuigprofiel*, bladsy 10).

## Motorprofiel

Die motorprofiel is ’n voorafgelaaide voertuigprofiel wat vir gebruik in ’n motorvoertuig sonder ’n sleepwa bedoel is. Terwyl die motorprofiel gebruik word, bereken die toestel standaard-motorvoertuigroetes, en is roetebepaling vir groot voertuie nie beskikbaar nie. Sekere kenmerke en instellings wat spesifiek vir groot voertuie is, is nie tydens gebruik van die motorprofiel beskikbaar nie.

## Wissel die voertuigprofiel

Elke keer wat jy jou toestel aanskakel, por dit jou aan om ’n voertuigprofiel te kies. Jy kan te eniger tyd per hand na ’n ander voertuigprofiel wissel.

1 Kies ’n opsie:
   - Vee twee keer af vanaf die bokant van die skerm en kies die voertuigprofielikoon, soos 🚚 of 🚗.
   - Vanaf die tuisskerm, kies die voertuigprofiel-hulptuig (*Tuisskerm*, bladsy 7).
2 Kies ’n voertuigprofiel.
   Die voertuigprofielinligting verskyn, insluitende afmetings en gewig.
3 Kies **Kies**.

## Voeg propaantenks by

**LET WEL:** Hierdie kenmerk is nie op alle produkmodelle beskikbaar nie.

Wanneer jy jou propaantenks by jou voertuigprofiel voeg, sal die toestel areas vermy met propaantenkbeperkings wat jou roete kan affekteer. Die toestel sal jou ook waarsku as jy areas bereik wat vereis dat jy jou propaantenks afskakel.

1 Kies vanaf die voertuigprofiel ⊕ > **Voeg tenk by**.
2 Voer die massa van die propaantenk in en kies **Berg**.

## Wysig ’n voertuigprofiel

Jy kan basiese voertuigprofielinligting verander of gedetailleerde inligting soos topsnelheid by ’n voertuigprofiel voeg.

1 Kies vanaf die tuisskerm die voertuigprofielhulptuig (*Tuisskerm*, bladsy 7).
2 Kies die voertuigprofiel wat gewysig moet word.
3 Kies ’n opsie:
   - Om die voertuigprofielinligting te wysig, kies 🔧 en kies ’n veld om te wysig.
   - Om ’n voertuigprofiel te hernoem, kies 🔧 > ☰ > **Herbenoem Profiel**.
   - Om die voertuigprofiel te skrap, kies 🔧 > ☰ > **Skrap**.

# Bestuurderbewustheidskenmerke en -Waarskuwings

**⚠ WEES VERSIGTIG**

Die bestuurderwaarskuwings en spoedgrenskenmerke is slegs ter inligting en vervang nie jou verantwoordelikheid om alle gegewe spoedgrenstekens na te kom en om te alle tye veilige bestuursoordeel te gebruik nie. Garmin is nie verantwoordelik vir enige verkeersboetes of dagvaardings wat jy ontvang vir versuim om alle toepaslike verkeerswette en -tekens na te kom nie.

Jou toestel bied kenmerke wat kan help om veiliger bestuur aan te moedig en doeltreffendheid te verhoog, selfs wanneer jy in ’n bekende area bestuur. Die toestel speel ’n hoorbare klank of boodskap en vertoon inligting vir elke waarskuwing. Jy kan die hoorbare toon vir sekere tipes bestuurderwaarskuwings ontsper of versper. Nie alle waarskuwings is in alle gebiede beskikbaar nie.

**Skole**: Die toestel speel ’n klank en vertoon die spoedgrens (indien beskikbaar) vir ’n naderende skool of skoolterrein.

**Spoedgrensoorskryding**: Die toestel speel ’n klank en vertoon ’n rooi rand om die spoedgrensikoon wanneer jy die gegewe spoedgrens vir die huidige pad oorskry.

**Spoedgrensverandering**: Die toestel speel ’n klank en vertoon die naderende spoedgrens sodat jy voorbereid kan wees om jou spoed aan te pas.

**Spooroorgang**: Die toestel speel ’n klank om ’n naderende spooroorgang aan te dui.

**Diereoorgang**: Die toestel speel ’n klank om ’n naderende diereoorganggebied aan te dui.

**Draaie**: Die toestel speel ’n klank om ’n draai in die pad aan te dui.

**Stadiger verkeer**: Die toestel speel ’n klank om stadiger verkeer aan te dui wanneer jy teen ’n hoër spoed stadiger verkeer nader. Jou toestel moet verkeersinligting ontvang om hierdie kenmerk te kan gebruik (*Verkeer*, bladsy 36).

**Risiko van grondkontak**: Die toestel speel ’n klank en vertoon ’n boodskap wanneer jy ’n pad nader waar die onderkant van jou voertuig met die grond kontak kan maak.

**Laterale wind**: Die toestel speel ’n klank en vertoon ’n boodskap wanneer jy ’n pad nader waar daar ’n risiko van laterale wind is.

**Nou pad**: Die toestel speel ’n klank en vertoon ’n boodskap wanneer jy ’n pad nader wat dalk te nou vir jou voertuig is.

**Steil heuwel**: Die toestel speel ’n klank en vertoon ’n boodskap wanneer jy ’n steil heuwel nader.

**Staat- en landsgrense**: Die toestel speel ’n klank en vertoon ’n boodskap wanneer jy die grens van ’n staat of land nader.

**Skakel propaan af**: Die toestel speel ’n klank en vertoon ’n boodskap wanneer jy ’n area nader waar propaan afgeskakel moet word.

## Ontsper of Versper van Bestuurderwaarskuwings

Jy kan verskeie soorte bestuurderwaarskuwings ontsper of versper.

1. Kies **Instellings** > **Bestuurderhulp** > **Hoorbare bestuurderwaarskuwings**.
2. Kies of ontkies die merkblokkie langs elke waarskuwing.

## Rooilig- en spoedkameras

***KENNISGEWING***

Garmin is nie verantwoordelik vir die akkuraatheid of gevolge van die gebruik van 'n rooilig- of spoedkameradatabasis nie.

**LET WEL:** Hierdie kenmerk is nie vir alle streke of produkmodelle beskikbaar nie.

Inligting oor rooilig- en spoedkameraliggings is in sommige areas vir sommige produkmodelle beskikbaar. Die toestel waarsku jou wanneer jy 'n gerapporteerde spoed- of rooiligkamera nader.

- Jou toestel kan in sommige gebiede regstreekse rooilig- en spoedkamera-data ontvang terwyl dit aan 'n slimfoon gekoppel is wat die Garmin Drive toepassing oop het.
- Jy kan die Garmin Express™-sagteware gebruik (garmin.com/express) om die kameradatabasis wat op jou toestel geberg is, by te werk. Jy behoort jou toestel gereeld by te werk om die jongste kamera-inligting te ontvang.

# Navigeer na Jou Bestemming

## Roetes

'n Roete is 'n pad vanaf jou huidige ligging na een of meer bestemmings.

- Die toestel bereken 'n aanbevole roete na jou bestemming op grond van die voorkeure wat jy stel, waaronder die roeteberekeningsmodus (*Verander die Roeteberekeningsmodus*, bladsy 16) en vermydings (*Vermy Vertragings, Tolgeld en Gebiede*, bladsy 17).
- Die toestel kan outomaties paaie vermy wat nie geskik is vir die aktiewe voertuigprofiel nie.
- Jy kan begin om vinnig na jou bestemming te navigeer met die aanbevole roete, of jy kan 'n alternatiewe roete kies (*Begin 'n Roete*, bladsy 12).
- Indien daar spesifieke paaie is wat jy moet gebruik of vermy, kan jy die roete pasmaak.
- Jy kan veelvuldige bestemmings by 'n roete voeg (*Byvoeg van 'n Ligging op Jou Roete*, bladsy 16).

## Begin 'n Roete

1 Kies **Waarheen?** en soek na 'n ligging (*Vind en Berg Liggings*, bladsy 19).
2 Kies 'n ligging.
3 Kies 'n opsie:
   - Om met die aanbevole roete te begin navigeer, kies **Gaan!**.
   - Om 'n alternatiewe roete te kies, kies Y en kies 'n roete.
     Alternatiewe roetes verskyn regs van die kaart.
   - Om die roete te wysig, kies Y > **Wysig roete** en voeg vormpunte by die roete.

Die toestel bereken 'n roete na die ligging en lei jou deur stemaanporboodskappe en inligting op die kaart te gebruik (*Jou Roete op die Kaart*, bladsy 13). 'n Voorskou van die hoofpaaie op jou roete verskyn vir etlike sekondes op die rand van die kaart.

As jy by addisionele bestemmings moet stop, kan jy die liggings by jou roete voeg (*Byvoeg van 'n Ligging op Jou Roete*, bladsy 16).

### Gebruik die Kaart om 'n Roete te Begin

Jy kan 'n roete begin deur 'n ligging vanaf die kaart te kies.

1 Kies **Beskou kaart**.
2 Sleep en zoem die kaart om die area vir soek te vertoon.
3 Kies 'n punt, soos 'n straat, kruising of adresligging.
4 Kies **Gaan!**.

### Gaan Huis toe

Die eerste keer wat jy met 'n roete huis toe begin, por die toestel jou aan om jou huisligging in te voer.


1 Kies **Waarheen?** > **Gaan Huis toe**.
2 Indien nodig, voer jou huisligging in.

### Wysig Jou Huisligging

1 Kies **Waarheen?** > ☰ > **Stel Huisligging**.
2 Voer jou huisligging in.

## Jou Roete op die Kaart


Namate jy reis, lei die toestel jou na jou bestemming deur stemaanporboodskappe en inligting op die kaart te gebruik. Instruksies vir jou volgende draai of afdraai, of ander handelings, verskyn oor die bokant van die kaart.



| | |
|---|---|
| ① | Afstand na die volgende handeling. |
| ② | Volgende handeling op die roete. Dui die volgende draai, afrit of ander handeling aan en die baan waarin jy moet reis, indien beskikbaar. |
| ③ | Naam van die straat of afrit wat met die volgende handeling verbind word. |
| ④ | Roete uitgelig op die kaart. |
| ⑤ | Volgende handeling op die roete. Pyle op die kaart dui die ligging van naderende handelinge aan. |
| ⑥ | Kaartnutsmiddelkortpaaie. |
| ⑦ | Kaartnutsmiddels. Jy kan die nutsmiddels kies om meer inligting oor jou roete en omliggende omgewing te sien. |
| ⑧ | Datavelde.<br>**WENK:** Jy kan aan hierdie velde raak om die inligting te verander wat dit wys (*Verander die Kaartdataveld*, bladsy 32). |
| ⑨ | Voertuigspoed. |

### Aktiewe Baanleiding

Soos wat jy sommige draaie, afritte of verkeerswisselaars op jou roete nader, verskyn 'n gedetailleerde simulasie van die pad langs die kaart, indien beskikbaar. 'n Gekleurde lyn ① dui die regte baan vir die draai aan.



### Bekyk Draaie en Aanwysings

Terwyl jy op ’n roete navigeer, kan jy naderende draaie, baanwisselings, of ander aanwysings vir jou roete bekyk.

1 Vanaf die kaart, kies ’n opsie:
   - Om naderende draaie en aanwysings te bekyk soos jy navigeer, kies > **Draaie**.
     Die kaarthulpmiddel vertoon die volgende paar draaie of aanwysings langs die kaart. Die lys dateer outomaties op soos jy op die roete navigeer.
   - Om die volledige lys van draaie en aanwysings vir die hele roete te bekyk, kies die teksbalk bo aan die kaart.

2 Kies ’n draai of aanwysing (opsioneel).
   Gedetailleerde inligting verskyn. ’n Afbeelding van die aansluiting kan verskyn vir aansluitings op hoofpaaie, indien beskikbaar.

### Besigtiging van die Volledige Roete op die Kaart

1 Kies enige plek op die kaart terwyl jy 'n roete navigeer.

2 Kies .

## Aankoms by Jou Bestemming

Wanneer jy jou bestemming nader, verskaf die toestel inligting om jou te help om jou roete te voltooi.

- dui jou bestemming se ligging op die kaart aan, en ’n stemporboodskap kondig aan dat jy jou bestemming nader.
- Wanneer jy sekere bestemmings nader, stel die toestel outomaties parkeerareas voor. Jy kan Meer kies om ’n volledige lys voorgestelde parkeerareas te sien (*Parkering Naby Jou Bestemming*, bladsy 15).
- Wanneer jy by jou bestemming stop, beëindig die toestel die roete outomaties. Indien die toestel jou aankoms nie outomaties bespeur nie, kan jy Stop kies om jou roete te beëindig.

### Parkering Naby Jou Bestemming

Jou toestel kan jou help om ’n parkeerplek naby jou bestemming te vind. Wanneer jy sekere bestemmings nader, stel die toestel outomaties parkeerareas voor.

1 Kies ’n opsie:
   - Wanneer die toestel parkering voorstel, kies **Meer** om alle voorgestelde parkeerareas te sien.
     **LET WEL:** Wanneer jy ’n voorgestelde parkeerarea kies, werk die toestel outomaties jou roete by.
   - Indien die toestel nie parkeerliggings voorstel nie, kies **Waarheen?** > **Kategorieë** > **Parkering** en kies > **My Bestemming**.

2 Kies **Filtreer parkering**, en kies een of meer kategorieë om parkering volgens beskikbaarheid, tipe, prys of betaalmetode (opsioneel) te filtreer.
   **LET WEL:** Gedetailleerde parkeerdata is nie in alle areas of vir alle parkeerliggings beskikbaar nie.

3 Kies ’n parkeerligging en kies **Gaan!**.

Die toestel lei jou na die parkeerarea.

# Verander Jou Aktiewe Roete

## Byvoeg van ’n Ligging op Jou Roete

Voordat jy ’n ligging by jou roete kan voeg, moet jy op ’n roete navigeer (*Begin ’n Roete*, bladsy 12).

Jy kan liggings by die middel of einde van jou roete byvoeg. Jy kan byvoorbeeld ’n vulstasie as die volgende bestemming op jou roete byvoeg.

**WENK:** Om komplekse roetes met veelvuldige bestemmings of geskeduleerde stoppe te skep, kan jy die ritbeplanner gebruik om ’n rit te beplan, te skeduleer en te berg (*Beplan ’n Rit*, bladsy 39).

1 Vanaf die kaart, kies ↶ > **Waarheen?**.
2 Soek na ’n ligging (*Vind en Berg Liggings*, bladsy 19).
3 Kies ’n ligging.
4 Kies **Gaan!**.
5 Kies ’n opsie:
   - Om die ligging as die volgende bestemming op jou roete by te voeg, kies **Voeg as volgende stop by**.
   - Om die ligging by die einde van jou roete te voeg, kies Voeg By as Laaste Stop.**Voeg as laaste stop by**
   - Om die ligging by te voeg en die volgorde van bestemmings op jou roete te wysig, kies **Voeg by Aktiewe Roete**.

Jou toestel herbereken die roete om die bygevoegde ligging in te sluit, en lei jou in volgorde na die bestemmings.

## Vorm Jou Roete

Voordat jy jou roete kan vorm, moet jy ’n roete begin (*Begin ’n Roete*, bladsy 12).

Jy kan jou roete met die hand vorm om die verloop daarvan te verander. Dít stel jou in staat om die roete ’n sekere pad te laat gebruik of deur ’n sekere gebied te laat gaan, sonder om ’n bestemming by die roete te voeg.

1 Raak aan enige plek op die kaart.
2 Kies **Vorm Roete**.
   **WENK:** Jy kan ✚ kies om in te zoem op die kaart en ’n meer presiese ligging te kies.
   Die toestel gaan roetevormmodus binne en herbereken die roete om deur die gekose ligging te reis.
3 Kies **Gaan!**.
4 Indien nodig, kies ’n opsie:
   - Kies addisionele liggings op die kaart om nog vormpunte by die roete te voeg.
   - Om ’n vormpunt te verwyder, kies die vormpunt en kies **Verwyder**.

## Gebruik ’n Ompad

Jy kan ’n ompad vir ’n gespesifiseerde afstand op jou roete neem of ’n ompad om spesifieke paaie. Dit is nuttig indien jy bousones, geslote paaie, of swak padtoestande teëkom.

1 Kies vanaf die kaart ⋮ > **Wysig roete**.
2 Kies ’n opsie:
   - Om vir ’n spesifieke afstand ’n ompad op jou roete te neem, kies **Ompad volgens afstand**.
   - Om ’n ompad rondom ’n spesifieke pad op die roete te neem, kies **Ompad volgens pad**.

## Verander die Roeteberekeningsmodus

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Berekeningsmodus**.
2 Kies ’n opsie:
   - Kies **Vinniger Tyd** om roetes te bereken wat vinniger is om te ry, maar afstandsgewys langer kan wees.
   - Kies **Veldlangs** om punt-tot-punt-roetes (sonder paaie) te bereken.
   - Kies **Korter Afstand** om roetes te bereken wat afstandsgewys korter is, maar wat langer kan neem om te ry.

## Stop van die Roete

- Vanaf die kaart, kies ⋮ > **Stop**.
- Kies **Stop** vanuit die tuisskerm.

## Gebruik Voorgestelde Roetes

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy ten minste een ligging berg en die reisgeskiedenis-kenmerk ontsper (*Navigasie-instellings*, bladsy 49).

Met gebruik van die myTrends™ kenmerk voorspel jou toestel jou bestemming op grond van jou reisgeskiedenis, die dag van die week, en die tyd van die dag. Nadat jy ’n paar keer na ’n gebergde ligging gery het, kan die ligging moontlik in die navigasiebalk op die kaart verskyn, tesame met die beraamde reistyd en verkeersinligting.

Kies die navigasiebalk om ’n voorgestelde roete na die ligging te sien.

## Vermy Vertragings, Tolgeld en Gebiede

### Vermy Verkeersvertragings op Jou Roete

Vóór jy verkeersvertragings kan vermy, moet jy verkeersinligting ontvang (*Ontvang verkeersdata met gebruik van jou slimfoon*, bladsy 36).

Die toestel optimaliseer jou roete by verstek om outomaties verkeersvertragings te vermy. As jy hierdie opsie versper het in die verkeersinstellings (*Verkeersinstellings*, bladsy 50), kan jy verkeersvertragings met die hand besigtig en vermy.

1. Terwyl jy ’n roete navigeer, kies ⋮ > **Verkeer**.
2. Kies **Alternatiewe Roete**, indien beskikbaar.
3. Kies **Gaan!**.

### Vermy Tolpaaie

Jou toestel kan jou roete só bepaal dat jy gebiede vermy wat tolgelde vereis, soos tolpaaie, tolbrûe, of gebiede van opeenhoping. Die toestel kan steeds ’n tolgebied by jou roete insluit indien geen ander redelike roetes beskikbaar is nie.

1. Kies **Instellings** > **Navigasie**.
2. Kies ’n opsie:

   **LET WEL:** Die kieslys verander op grond van jou area en die kaartdata op jou toestel.

   - Kies **Tolpaaie**.
   - Kies **Tolgeld en Fooie** > **Tolpaaie**.
3. Kies ’n opsie:
   - Om elke keer gevra te word voordat ’n roete deur ’n tolgebied beplan word, kies **Vra Altyd**.
   - Om altyd tolgelde te vermy, kies **Vermy**.
   - Om altyd tolgelde toe te laat, kies **Laat toe**.

### Vermy tolplakkers

Indien die kaartdata op jou toestel gedetailleerde tolplakkerinligting bevat, kan jy paaie wat tolplakkers vir elke land vereis, vermy of toelaat.

**LET WEL:** Hierdie kenmerk is nie in alle gebiede beskikbaar nie.

1. Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Tolgeld en Fooie** > **Tol-plakkers**.
2. Kies ’n land.
3. Kies ’n opsie:
   - Om elke keer gevra te word voordat ’n roete bepaal word deur ’n area wat tolplakkers vereis, kies **Vra Altyd**.
   - Om altyd paaie te vermy wat tolplakkers vereis, kies **Vermy**.
   - Om altyd paaie toe te laat wat tolplakkers vereis, kies **Laat toe**.

## Vermy Padkenmerke

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Vermydings**.
2 Kies die padkenmerke om op jou roetes te vermy, en kies **Goed**.

## Vermy Omgewingsones

Jou toestel kan gebiede met omgewing- of uitlaatgasbeperkings wat dalk op jou voertuig van toepassing is, vermy. Hierdie opsie is van toepassing op die voertuigsoort in die aktiewe voertuigprofiel (*Voertuigprofiele*, bladsy 9).

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Omgewingsones**.
2 Kies ’n opsie:
   - Om elke keer gevra te word voordat ’n roete deur ’n omgewingsone beplan word, kies **Vra Altyd**.
   - Om altyd omgewingsones te vermy, kies **Vermy**.
   - Om altyd omgewingsones toe te laat, kies **Laat toe**.

## Pasgemaakte vermydings

Selfgekose vermydings laat jou toe om spesifieke areas of padgedeeltes te kies om te vermy. Wanneer die toestel ’n roete bereken, vermy dit hierdie areas en paaie tensy geen ander redelike roete beskikbaar is nie.

### Vermyding van ’n Pad

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Selfgekose Vermydings**.
2 Kies, indien nodig, **Voeg Vermyding by**.
3 Kies **Voeg Vermy-pad by**.
4 Kies die beginpunt van die padgedeelte om te vermy, en kies **Volgende**.
5 Kies die eindpunt van die padgedeelte en kies **Volgende**.
6 Kies **Gedoen**.

### Vermyding van ’n Area

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Selfgekose Vermydings**.
2 Kies, indien nodig, **Voeg Vermyding by**.
3 Kies **Voeg Vermy-area by**.
4 Kies die boonste linkerhoek van die area om te vermy, en kies **Volgende**.
5 Kies die onderste regterhoek van die area om te vermy, en kies **Volgende**.
   Die gekose area word in skaduwee op die kaart aangedui.
6 Kies **Gedoen**.

### Versper van ’n Selfgekose Vermyding

Jy kan ’n selfgekose vermyding versper sonder om dit te skrap.

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Selfgekose Vermydings**.
2 Kies ’n vermyding.
3 Kies ☰ > **Versper**.

### Skrap van pasgemaakte vermydings

1 Kies **Instellings** > **Navigasie** > **Selfgekose Vermydings** > 🗑.
2 Kies ’n opsie:
   - Om alle pasgemaakte vermydings te skrap, kies **Kies Alles** > **Skrap**.
   - Om een pasgemaakte vermyding te skrap, kies die vermyding, en kies **Skrap**.

# Vind en Berg Liggings

Die kaarte wat op jou toestel gelaai is, bevat liggings soos restaurante, hotelle, motordienste en gedetailleerde straatinligting. Die Waarheen?-kieslys help jou om jou ligging te vind deur verskeie metodes te voorsien om deur hierdie inligting te blaai, te soek en dit te berg.

Vanaf die hoofkieslys, kies **Waarheen?**.

- Om vinnig deur alle liggings op jou toestel te soek, kies **Soek** (*Vind van ’n ligging met gebruik van soekbalk*, bladsy 21).
- Om ’n adres te vind, kies **Adres** (*Vind van ’n Adres*, bladsy 21).
- Om volgens kategorie na voorafgelaaide belangepunte te soek of daardeur te blaai, kies **Kategorieë** (*Vind van ’n Ligging volgens Kategorie*, bladsy 21).
- Om naby ’n ander stad of area te soek, kies langs die huidige soekarea (*Wysig die Soekgebied*, bladsy 23).
- Om jou gebergde liggings te sien en te wysig, kies **Geberg** (*Berg Liggings*, bladsy 26).
- Om liggings te sien wat jy onlangs uit die soekresultate gekies het, kies **Onlangse** (*Besigtig Liggings wat Onlangs Gevind is*, bladsy 25).
- Om na motorwoonwaparke en kampeerterreine te soek, kies **Alle kampeerterreine** (*Vind kampeerterreine*, bladsy 20).
- Om deur Foursquare® belangepunte te blaai, daarna te soek en daar aan te gaan, kies **Foursquare** (*Soek na Foursquare belangepunte*, bladsy 25).
- Om deur TripAdvisor® belangepunte en resensies te blaai en daarna te soek, kies **TripAdvisor** (*TripAdvisor*, bladsy 25).
- Om deur HISTORY® belangepunte, foto's en inligting te blaai en daarna te soek, kies **HISTORY** (*Vind van HISTORY belangepunte*, bladsy 19).
- Om nasionale parke te vind en parkkaarte te verken, kies **Nasionale Parke** (*Vind nasionale parke*, bladsy 20).
- Om na spesifieke geografiese koördinate te navigeer, kies **Koördinate** (*Vind ’n Ligging met gebruik van Koördinate*, bladsy 24).

## Belangepunte

’n Belangepunt is ’n plek wat jy dalk nuttig of interessant kan vind. Belangepunte word volgens kategorie georganiseer, en kan gewilde reisbestemmings soos vulstasies, restaurante, hotelle en vermaaklikheidsplekke insluit.

### Vind van HISTORY belangepunte

**LET WEL:** Hierdie kenmerk is nie op alle produkmodelle of vir alle kaartstreke beskikbaar nie.

Jou toestel sluit HISTORY belangepunte in, wat jou toelaat om histories belangrike liggings en trekpleisters te vind en meer daaroor te leer, soos historiese geboue, monumente, museums en noemenswaardige liggings van historiese gebeure.

1. Kies **Waarheen?** > **HISTORY**.
2. Kies ’n kategorie.
3. Kies ’n ligging.
4. Kies om ’n foto en ’n kort opsomming van die ligging se geskiedenis te sien.

## Vind nasionale parke

Toestelmodelle wat kaarte vir Noord-Amerika of die Verenigde State insluit, sluit ook gedetailleerde inligting vir nasionale parke in die Verenigde State in. Jy kan na ’n nasionale park of ’n ligging in ’n nasionale park navigeer.

1 Kies **Waarheen?** > **Nasionale Parke**.

  ’n Lys nasionale parke verskyn, met die naaste park aan die bokant.

2 Kies **Soek** en voer die hele parknaam of ’n gedeelte daarvan in om die resultate te verfyn (opsioneel).

3 Kies ’n nasionale park.

  ’n Lys kategorieë vir liggings van kenmerke en geriewe binne die park, verskyn onder die park se naam.

4 Kies ’n opsie:
  - Om na die park te begin navigeer, kies **Gaan!**.
  - Om nog inligting te sien of om die park se kenmerke en geriewe te verken, kies .
  - Om vinnig ’n ligging binne die park te vind, kies ’n kategorie uit die lys onder die park se naam, en kies ’n ligging.

## Vind kampeerterreine

Kies **Waarheen?** > **Alle kampeerterreine**.

### Vind kampeerterreine met geriewe

Jy kan vir RV-parke en kampeerterreine soek op grond van die beskikbare geriewe.

1 Kies **Waarheen?**.

2 Kies ’n soekverskaffer vir RV-parke en kampeerterreine, soos **PlanRV Parks**, **ACSI** of **Ultimate Public Campgrounds**.

  **LET WEL:** Alle soekverskaffers is nie op alle produkmodelle beskikbaar nie.

3 Indien nodig, kies **Filtreer volgens geriewe**, kies een of meer geriewe, en kies **Berg**.

4 Kies ’n ligging.

## Vind RV-dienste

**LET WEL:** Hierdie kenmerk is nie in alle areas beskikbaar nie.

Jy kan nabygeleë liggings vind wat herstel-, insleep- en ander dienste vir RV's bied.

Kies **Waarheen?** > **PlanRV Services**.

## Vind van ’n ligging met gebruik van soekbalk

Jy kan die soekbalk gebruik om na liggings te soek deur ’n kategorie, handelsnaam, adres of stadnaam in te voer.

1 Kies **Waarheen?**.
2 Kies **Soek** in die soekbalk.
3 Voer die hele of deel van die soekterm in.
  Voorgestelde soekterms verskyn onder die soekbalk.
4 Kies ’n opsie:
  - Om na ’n soort besigheid te soek, voer ’n kategorienaam in (byvoorbeeld "rolprentteaters").
  - Om na ’n besigheidsnaam te soek, voer die hele naam of ’n deel van die naam in.
  - Om na ’n adres naby jou te soek, voer die huisnommer en straatnaam in.
  - Om na ’n adres in ’n ander stad te soek, voer die huisnommer, straatnaam, stad en staat in.
  - Om na ’n stad te soek, voer die stad en staat in.
  - Om na koördinate te soek, voer breedtegraad- en lengtegraadkoördinate in.
5 Kies ’n opsie:
  - Om te soek met gebruik van ’n voorgestelde soekterm, kies die term.
  - Om te soek deur die teks te gebruik wat jy ingevoer het, kies .
6 Indien nodig, kies ’n ligging.

## Vind van ’n Adres

**LET WEL:** Die volgorde van die stappe kan verskil na gelang van die kaartdata wat op jou toestel gelaai is.

1 Kies **Waarheen?**.
2 Indien nodig, kies  om naby aan ’n ander stad of area te soek.
3 Kies **Adres**.
4 Volg die instruksies op die skerm om adresinligting in te voer.
5 Kies die adres.

## Vind van ’n Ligging volgens Kategorie

1 Kies **Waarheen?**.
2 Kies ’n kategorie of kies **Kategorieë**.
3 Indien nodig, kies ’n subkategorie.
4 Kies ’n ligging.


### Soek binne ’n kategorie

Nadat jy na ’n belangepunt gesoek het, kan sekere kategorieë ’n Vinnige soektoglys vertoon wat die laaste vier bestemmings aandui wat jy gekies het.

1 Kies **Waarheen?** > **Kategorieë**.
2 Kies ’n kategorie.
3 Kies ’n opsie:
  - Kies ’n bestemming uit die vinnigesoektoglys aan die regterkant van die skerm.
    Die vinnigiesoektoglys verskaf ’n lys in die gekose kategorie van liggings wat onlangs gevind is.
  - Indien nodig, kies ’n subkategorie, en kies ’n bestemming.

## Liggingsoekresultate

Die liggingsoekresultate verskyn in ’n lys, met die naaste ligging bo-aan. Elke genommerde ligging verskyn ook op die kaart. Jy kan afwaarts rollees om meer resultate te sien.





| | |
|---|---|
| ① | Kies ’n ligging om na die opsiekieslys te kyk. |
| ② | Kies om gedetailleerde inligting oor die ligging te sien. |
| ③ | Kies om alternatiewe roetes na die ligging te sien. |
| ④ Gaan! | Kies om met gebruik van die aanbevole roete na die ligging te begin navigeer. |

## Wysig die Soekgebied

Die toestel soek by verstek na liggings naby jou huidige ligging. Jy kan ook ander gebiede deursoek, bv. naby jou ligging, naby ’n ander stad of op jou aktiewe roete.

1 Kies **Waarheen?**.
2 Kies langs die huidige soekgebied ①.




3 Kies ’n soekgebied.
4 Indien nodig, volg die instruksies op jou skerm om ’n spesifieke ligging te kies.

Die gekose soekgebied verskyn langs . Wanneer jy na ’n ligging soek deur enige van die opsies in die Waarheen?-kieslys te gebruik, stel die toestel eerste liggings naby aan hierdie gebied voor.

## Selfgekose Belangepunte

Selfgekose BP’s is pasgemaakte punte op die kaart. Hulle kan waarskuwenke bevat wat jou laat weet of jy naby ’n aangewese punt is of dat jy ’n gespesifiseerde spoedperk oorskry.

### Installeer tans BP-laaiersagteware

Jy kan selfgekose BP-lyste skep of op jou rekenaar aflaai en dit op jou toestel installeer met gebruik van BP-laaiersagteware.

1 Besoek www.garmin.com/poiloader.
2 Volg die op-skerm-instruksies.

### Vind van Pasmaak-BP’s

Voordat jy selfgekose BP's kan vind, moet jy selfgekose BP's op jou toestel laai deur die BP-laaiersagteware te gebruik (*Installeer tans BP-laaiersagteware*, bladsy 23).

1 Kies **Waarheen?** > **Kategorieë**.
2 Rol na die afdeling vir Ander Kategorieë, en kies 'n kategorie.

## Parkering

Jou RV / Camper toestel sluit gedetailleerde parkeerdata in. Gegrond op die waarskynlikheid van beskikbare parkeerplekke, tipe parkeerarea, prys of aanvaarbare betaalmetodes, kan dit jou help om nabygeleë parkering te vind.

In sommige areas is regstreekse straatparkeringdata beskikbaar terwyl jou RV / Camper toestel aan die Garmin Drive toepassing verbind is. Terwyl jou toestel regstreekse parkeerdata ontvang, kan jy na intydse parkeertendense kyk.

**LET WEL:** Gedetailleerde parkeerdata is nie in alle areas of vir alle parkeerliggings beskikbaar nie. Garmin is nie verantwoordelik vir die akkuraatheid of tydigheid van regstreekse parkeerdata nie.

### Vind Parkering Naby Jou Huidige Ligging

1 Kies **Waarheen?** > **Kategorieë** > **Parkering**.

2 Kies **Filtreer parkering**, en kies een of meer kategorieë om parkering volgens beskikbaarheid, tipe, prys of betaalmetode (opsioneel) te filtreer.

   **LET WEL:** Gedetailleerde parkeerdata is nie in alle areas of vir alle parkeerliggings beskikbaar nie.

3 Kies 'n parkeerligging.

4 Kies **Gaan!**.

### Verstaan Parkeerkleure en -simbole

Parkeerliggings wat gedetailleerde parkeerdata insluit, is kleurgekodeer om die waarskynlikheid daarvan aan te dui om 'n parkeerplek te vind. Simbole dui die tipe parkering aan wat beskikbaar is (straat of parkeerterrein), relatiewe prysinligting en tipe betaling.

Jy kan die legende vir hierdie kleure en simbole op die toestel bekyk.

Vanuit die parkeersoekresultate, kies ⓘ.

## Soeknutsmiddels

Soeknutsmiddels laat jou toe om na spesifieke soorte liggings te soek deur op skerm-aanporboodskappe te reageer.

### Vind 'n Kruising

Jy kan vir 'n kruising of aansluiting tussen twee strate, hoofweë of ander paaie soek.

1 Kies **Waarheen?** > **Kruisings**.

2 Volg die instruksies op die skerm om straatinligting in te voer.

3 Kies die kruising.

### Vind 'n Ligging met gebruik van Koördinate

Jy kan 'n ligging vind met gebruik van breedte- en lengte-koördinate.

1 Kies **Waarheen?** > **Koördinate**.

2 Indien nodig, kies 🔧 en verander die koördinaatformaat of datumlyn.

3 Voer die breedte- en lengte-koördinate in.

4 Kies **Kyk op kaart**.

## Foursquare

Foursquare is 'n ligging-gebaseerde sosiale netwerk. Jou toestel sluit miljoene voorafgelaaide belangepunte van Foursquare in, wat deur Foursquare se logo in jou liggingsoektogresultate aangedui word.

Jy kan aan jou Foursquare rekening verbind deur die Garmin Drive toepassing op jou versoenbare slimfoon te gebruik. Dit laat jou toe om Foursquare liggingbesonderhede te sien, by 'n ligging aan te meld en vir belangepunte in die aanlyn Foursquare databasis te soek.

### Verbind aan Jou Foursquare rekening

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jou toestel aan 'n gesteunde foon verbind wees wat die Garmin Drive toepassing loop (*Paring met jou slimfoon*, bladsy 33).

1 Maak die Garmin Drive toepassing op jou slimfoon oop.
2 Kies ⚙ > **Foursquare**.
3 Voer jou aantekeninligting van Foursquare in.

### Soek na Foursquare belangepunte

Jy kan vir belangepunte van Foursquare soek wat op jou toestel gelaai is. Terwyl jou toestel aan jou Foursquare rekening verbind is met gebruik van die Garmin Drive toepassing, verskaf die soektog die mees bygewerkte resultate vanaf die aanlyn Foursquare databasis en pasgemaakte resultate vanaf jou Foursquare gebruikerrekening (*Verbind aan Jou Foursquare rekening*, bladsy 25).

Kies **Waarheen?** > **Foursquare**.

### Besigtig Foursquare liggingbesonderhede

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jou toestel aan jou Foursquare rekening verbind wees met gebruik van die Garmin Drive toepassing (*Verbind aan Jou Foursquare rekening*, bladsy 25).

Jy kan gedetailleerde inligting besigtig oor Foursquare liggings, soos gebruikersgraderings, inligting oor restaurantpryse en bedryfsure.

1 Van die liggingsoekresultate, kies 'n Foursquare belangepunt.
2 Kies ⓘ.

## TripAdvisor

Jou toestel sluit belangepunte en graderings van TripAdvisor in.Graderings van TripAdvisor verskyn outomaties in die soekresultaatlys vir toepaslike belangepunte. Jy kan ook vir nabygeleë belangepunte van TripAdvisor soek, en volgens afstand of gewildheid sorteer.

### Vind TripAdvisor belangepunte

1 Kies **Waarheen?** > **TripAdvisor**.
2 Kies 'n kategorie.
   'n Lys nabygeleë belangepunte van TripAdvisor vir die kategorie verskyn.
3 Kies **Sorteer resultate** om soekresultate volgens afstand of gewildheid te sorteer (opsioneel).

## Besigtig Liggings wat Onlangs Gevind is

Jou toestel berg 'n geskiedenis van die laaste 50 liggings wat jy gevind het.

Kies **Waarheen?** > **Onlangse**.

### Wis van Lys Liggings wat Onlangs Gevind is

Kies **Waarheen?** > **Onlangse** > ☰ > **Wis** > **Ja**.

## Sien die Huidige Ligginginligting

Jy kan die Waar Is Ek?-blad gebruik om inligting oor jou huidige ligging te sien. Hierdie is 'n nuttige eienskap as jy noodpersoneel moet inlig waar jy jou bevind.

Kies die voertuig vanaf die kaart.

### Vind Nooddienste en Brandstof

Jy kan die Waar Is Ek?-bladsy gebruik om die naaste hospitale, polisiestasies en vulstasies te vind.

1 Kies die voertuig vanaf die kaart.
2 Kies **Hospitale**, **Polisiestasies**, **Brandstof** of **Padbystand.**.
   **LET WEL:** Sommige dienskategorieë is nie in alle areas beskikbaar nie.
   ’n Lys liggings vir die gekose diens verskyn, met die naaste liggings bo aan.
3 Kies ’n ligging.
4 Kies ’n opsie:
   - Om na die ligging te navigeer, kies **Gaan!**
   - Om die foonnommer en ander liggingbesonderhede te besigtig, kies ⓘ.

### Kry Aanwysings na jou Huidige Ligging

Indien jy ’n ander persoon moet inlig oor hoe om by jou huidige ligging te kom, kan jou toestel ’n aanwysingslys gee.

1 Kies die voertuig vanaf die kaart.
2 Kies ☰ > **Aanwysings na My**.
3 Kies ’n beginligging.
4 Kies **Kies**.

## Byvoeging van ’n Kortpad

Jy kan kortpaaie by die Waarheen?-kieslys voeg. ’n Kortpad kan na ’n ligging, ’n kategorie of ’n soeknutsmiddel wys.

Die Waarheen?-kieslys kan tot 36 kortpadikone bevat.

1 Kies **Waarheen?** > **Voeg Kortpad by**.
2 Kies ’n item.

### Verwydering van ’n Kortpad

1 Kies **Waarheen?** > ☰ > **Verwyder Kortpad(paaie)**.
2 Kies ’n kortpad om te verwyder.
3 Kies weer die kortpad om te bevestig.
4 Kies **Gedoen**.

## Berg Liggings

### Berg ’n Ligging

1 Soek na ’n ligging (*Vind van ’n Ligging volgens Kategorie*, bladsy 21).
2 Kies vanuit die soekresultate ’n ligging.
3 Kies ⓘ > **Berg**.
4 Voer ’n naam in en kies **Gedoen**.

### Berg Jou Huidige Ligging

1 Kies die voertuigikoon vanaf die kaart.
2 Kies **Berg**.
3 Voer ’n naam in en kies **Gedoen**.
4 Kies **Goed**.

### Wysiging van 'n Gebergde Ligging

1 Kies **Waarheen?** > **Geberg**.
2 Indien nodig, kies 'n kategorie.
3 Kies 'n ligging.
4 Kies ⓘ.
5 Kies ☰ > **Wysig**.
6 Kies 'n opsie:
   - Kies **Naam**.
   - Kies **Telefoonnommer**.
   - Kies **Kategorieë** om kategorieë aan die gebergde ligging toe te ken.
   - Kies **Verander Kaartsimbool** om die simbool te verander wat gebruik word om die gebergde ligging op 'n kaart te merk.
7 Wysig die inligting.
8 Kies **Gedoen**.

### Toeken van Kategorieë aan 'n Gebergde Ligging

Jy kan selfgekose kategorieë byvoeg om jou gebergde liggings te organiseer.

**LET WEL:** Kategorieë verskyn in die gebergde liggingskieslys nadat jy ten minste 12 liggings geberg het.

1 Kies **Waarheen?** > **Geberg**.
2 Kies 'n ligging.
3 Kies ⓘ.
4 Kies ☰ > **Wysig** > **Kategorieë**.
5 Voer een of meer kategoriename in, geskei deur kommas.
6 Indien nodig, kies 'n voorgestelde kategorie.
7 Kies **Gedoen**.

### Skrap van 'n Gebergde Ligging

**LET WEL:** Geskrapte liggings kan nie herwin word nie.

1 Kies **Waarheen?** > **Geberg**.
2 Kies ☰ > **Skrap gebergde plekke**.
3 Kies die blokkie langs die gebergde liggings om te skrap, en kies **Skrap**.

# Gebruik van die kaart

Jy kan die kaart gebruik om 'n roete te navigeer (*Jou Roete op die Kaart*, bladsy 13) of om na 'n kaart van jou omgewing te kyk wanneer geen roete aktief is nie.

1 Kies **Beskou kaart**.
2 Raak aan enige plek op die kaart.
3 Kies 'n opsie:
   - Sleep die kaart om links, regs, op en af te beweeg.
   - Om in of uit te zoem, kies ➕ of ➖.
   - Kies ▲ om tussen Noord-bo- en 3-D-aansig te wissel.
   - Om 'n roete te begin, kies 'n ligging op die kaart, en kies **Gaan!** (*Gebruik die Kaart om 'n Roete te Begin*, bladsy 12).

## Kaartnutsmiddels

Kaartnutsmiddels verskaf vinnige toegang tot inligting en toestelfunksies terwyl jy na die kaart kyk. Wanneer jy 'n kaartnutsmiddel aktiveer, verskyn dit in 'n paneel op die kaart se rand.

**Stop**: Stop navigasie van die aktiewe roete.

**Wysig roete**: Laat jou toe om 'n ompad te vat of om liggings op jou roete oor te slaan (*Verander Jou Aktiewe Roete*, bladsy 16).

**Volume**: Laat jou toe om die klank- en kennisgewinginstellings te pasmaak (*Klank- en kennisgewinginstellings*, bladsy 51).

**Stede vorentoe**: Wys opkomende stede en dienste langs jou aktiewe roete of langs 'n snelweg (*Stede vorentoe*, bladsy 29).

**Vorentoe**: Wys opkomende liggings langs die roete of die pad waarop jy reis (*Vorentoe*, bladsy 28).

**Hoogte**: Vertoon elevasieveranderinge vorentoe.

**Verkeer**: Vertoon verkeersomstandighede op jou roete of in jou gebied (*Besigtig Opkomende Verkeer*, bladsy 31). Hierdie kenmerk is nie in alle gebiede of vir alle toestelmodelle beskikbaar nie.

**Ritdata**: Vertoon verpersoonlikte ritdata, bv. spoed of kilometerlesing (*Besigtig Ritdata vanaf die Kaart*, bladsy 31).

**Draaie**: Vertoon 'n lys opkomende draaie op jou roete (*Bekyk Draaie en Aanwysings*, bladsy 15).

**Telefoon**: Vertoon 'n lys onlangse telefoonoproepe vanaf jou gekoppelde telefoon, en vertoon in-oproep-opsies tydens 'n aktiewe oproep (*Gebruik In-oproep-opsies*, bladsy 35).

**Weer**: Vertoon weersomstandighede vir jou gebied.

**Rapporteer Kamera**: Laat jou toe om 'n spoed- of rooiligkamera te rapporteer. Hierdie nutsmiddel is slegs beskikbaar wanneer jy spoed- of rooiligkameradata op jou toestel en 'n aktiewe verbinding aan die Garmin Drive toepassing het.

### Besigtig 'n Kaartnutsmiddel

1. Vanaf die kaart, kies ⋮.
2. Kies 'n kaartnutsmiddel.

   Die kaartnutsmiddel verskyn in 'n paneel op die skerm se rand.
3. Wanneer jy die kaartnutsmiddel klaar gebruik het, kies ✖.

## Vorentoe

Die Vorentoe-nutsmiddel verskaf inligting oor opkomende liggings op jou roete of die pad waarop jy tans reis. Jy kan opkomende belangepunte volgens kategorie, bv. restaurante, vulstasies of rusareas, besigtig.

Jy kan kategorieë verpersoonlik wat in die Vorentoe-nutsmiddel vertoon word.

### Besigtig Opkomende Liggings

1. Vanaf die kaart, kies ⋮ > **Vorentoe**.

   Terwyl jy reis, wys die kaartnutsmiddel die volgende ligging langs jou pad of roete in elk van die drie kategorieë. Terwyl jy nie reis nie, wys die kaartnutsmiddel die drie kategoriename.
2. Kies 'n opsie:
   - Indien die kaartnutsmiddel kategorieë wys, kies 'n kategorie om 'n lys nabygeleë liggings in daardie kategorie te sien.
   - Indien die kaartnutsmiddel opkomende liggings wys, kies 'n ligging om liggingbesonderhede te sien of om 'n roete na die ligging te begin.

### Verpersoonliking van die Vorentoe-kategorieë

Jy kan die liggingkategorieë verander wat in die Vorentoe-nutsmiddel verskyn.

1 Vanaf die kaart, kies ⋮ > **Vorentoe**.
2 Kies ’n kategorie.
3 Kies 🔧.
4 Kies ’n opsie:
   - Om 'n kategorie op of af in die lys te skuif, kies en sleep die pyltjie langs die kategorienaam.
   - Om 'n kategorie te verander, kies die kategorie.
   - Om 'n pasgemaakte kategorie te skep, kies 'n kategorie, kies **Pasgemaakte Soektog** en voer die naam van 'n besigheid of kategorie in.
5 Kies **Berg**.

## Stede vorentoe

Terwyl jy op ’n snelweg reis of ’n roete navigeer wat ’n snelweg insluit, verskaf die Stede Vorentoe-nutsmiddel inligting oor opkomende stede langs die snelweg. Vir elke stad wys die kaartnutsmiddel die afstand na die snelwegafrit en die beskikbare dienste, soortgelyk aan die inligting op snelwegpadtekens.

### Besigtig opkomende stede en afritdienste

1 Vanaf die kaart, kies ⋮ > **Stede vorentoe**.
   Terwyl jy langs ’n snelweg of ’n aktiewe roete reis, wys die kaartnutsmiddel inligting oor opkomende stede en afritte.
2 Kies ’n stad.
   Die toestel wys ’n lys belangepunte wat by die gekose stadafrit geleë is, soos vulstasies, verblyf of restaurante.
3 Kies ’n ligging, en kies **Gaan!** om te begin navigeer.

## Waarskuwing- en Waarskuwenksimbole

⚠ **WAARSKUWING**

Die invoer van jou voertuig se profielkenmerke waarborg nie dat jou voertuig se kenmerke vir alle roetevoorstelle in berekening gebring sal word of dat jy in alle gevalle die waarskuwingsikone sal ontvang nie. Beperkings kan in die kaartdata bestaan, wat veroorsaak dat jou toestel nie vir al hierdie beperkings of padtoestande verantwoordelik kan wees nie. Gehoorsaam altyd alle gegewe padtekens en padtoestande wanneer bestuursbesluite gemaak word.

Waarskuwing- en waarskuwenksimbole kan op die kaart of in roete-aanwysings verskyn om jou in te lig oor potensiële gevare en padtoestande.

## Beperkingswaarskuwings

| | |
|---|---|
| | Hoogte |
| | Gewig |
| | Lengte |
| | Wydte |
| | Hoogte van sleepwa |
| | Gewig van sleepwa |
| | Lengte van sleepwa |
| | Breedte van sleepwa |
| | Geen bootsleepwaens toegelaat nie |
| | Geen kampeerwaens toegelaat nie |
| | Geen sleepwaens toegelaat nie |
| | Geen propaan nie |
| | Geen linksdraai nie |
| | Geen regsdraai nie |
| | Geen U-draai nie |

## Padtoestandwaarskuwings

| | |
|---|---|
| | Risiko van grondkontak |
| | Laterale wind |
| | Nou pad |
| | Skerp draai |
| | Styl afdraand |
| | Boomoorhang |

### Waarskuwings

| | |
|---|---|
| | Weegstasie |
| | Pad is nie vir motorwoonwaens bevestig nie |

## Ritinligting

### Besigtig Ritdata vanaf die Kaart

Vanaf die kaart, kies ⋮ > **Ritdata**.

### Verpersoonliking van die Ritdatavelde

1 Vanaf die kaart, kies ⋮ > **Ritdata**.
2 Kies 'n ritdataveld.
3 Kies ’n opsie.
Die nuwe ritdataveld verskyn in die ritdatakaartnutsmidel.

### Besigtig die Ritlog

Jou toestel hou ’n ritlog by wat ’n rekord is van die roete wat jy gereis het.

1 Kies **Instellings** > **Kaart en voertuig** > **Kaartlae**.
2 Kies die **Ritlog**-merkblokkie.

### Herstel van ritinligting

1 Vanaf die kaart, kies **Spoed**.
2 Kies ’n ritinligting-dataveld.
3 Kies ☰ > **Herstel Veld(e)**.
4 Kies ’n opsie:
- Wanneer jy nie ’n roete navigeer nie, kies **Kies Alles** om alle datavelde op die eerste blad te herstel behalwe die snelheidsmeter.
- Kies **Stel algehele data terug** om Rit A en die totale data terug te stel.
- Kies **Stel Maks. Spoed terug** om die maksimum spoed te herstel.
- Kies **Stel Rit B terug** om die afstandsmeter te herstel.

## Besigtig Opkomende Verkeer

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jou toestel verkeerdata ontvang (*Verkeer*, bladsy 36).

Jy kan opkomende verkeersvoorvalle sien op jou roete of die pad waarop jy reis.

1 Terwyl jy ’n roete navigeer, kies ⋮ > **Verkeer**.
Die naaste opkomende verkeersvoorval verskyn in ’n paneel aan die regterkant van die kaart.
2 Kies die verkeersvoorval om bykomende besonderhede te sien.

### Besigtiging van verkeer op die kaart

Die verkeerskaart vertoon kleurgekodeerde verkeersvloei en -vertragings op nabygeleë paaie.

1 Vanuit die hoofkieslys, kies ⊞ > **Navigasie** > **Verkeer**.
2 Indien nodig, kies ☰ > **Sleutel** om die sleutel vir die verkeerskaart te sien.

### Soek vir verkeersvoorvalle

1. In die hoofkieslys, kies ⊞ > **Navigasie** > **Verkeer**.
2. Kies ☰ > **Voorvalle**.
3. Kies 'n item op die lys.
4. Indien daar meer as een voorval is, gebruik die pyltjies om bykomende voorvalle te sien.

## Verpersoonliking van die Kaart

### Verpersoonliking van die Kaartlae

Jy kan self kies watter data op die kaart verskyn, soos ikone vir belangepunte en padtoestande.

1. Kies **Instellings** > **Kaart en voertuig** > **Kaartlae**.
2. Kies die lae om op die kaart in te sluit, en kies **Goed**.

### Verander die Kaartdataveld

1. Kies 'n dataveld vanaf die kaart.
   **LET WEL:** Jy kan nie Spoed verpersoonlik nie.
2. Kies 'n soort data om te vertoon.

### Verander die Kaartperspektief

1. Kies **Instellings** > **Kaart en voertuig** > **Rykaartaansig**.
2. Kies 'n opsie:
   - Kies **Roete Op** om die kaart in twee dimensies te vertoon (2-D) met jou reisrigting aan die bokant.
   - Kies **Noord Op** om die kaart in 2-D te vertoon met noord aan die bokant.
   - Kies **3-D** om die kaart in drie dimensies te vertoon.

# Regstreekse Dienste, Verkeer en Slimfoonkenmerke

Die Garmin Drive toepassing laat jou toestel toe om slimkennisgewings en regstreekse inligting te ontvang, soos regstreekse verkeersdata en weerinligting.

**Regstreekse verkeersdata**: Stuur intydse verkeersdata na jou toestel, byvoorbeeld verkeersinsidente en -vertragings, konstruksiesones en padsluitings (*Verkeer*, bladsy 36).

**Weerinligting**: Stuur intydse weervoorspellings, padtoestande en weerradar na jou toestel (*Besigtig die Weervoorspelling*, bladsy 45).

**Slimkennisgewings**: Vertoon foonkennisgewings en -boodskappe op jou toestel. Hierdie kenmerk is nie vir alle tale beskikbaar nie.

**Vryhand-oproepe**: Stel jou in staat om jou toestel te gebruik om oproepe te maak en te ontvang en om die toestel as 'n vryhand-luidsprekerfoon te gebruik.

**Stuur liggings na jou toestel**: Stel jou in staat om liggings vanaf jou slimfoon na jou navigasietoestel te stuur.

**Foursquare aanmelding**: Stel jou in staat om by Foursquare liggings aan te meld met die gebruik van jou navigasietoestel.

## Paring met jou slimfoon

Jy kan jou RV / Camper toestel met jou slimfoon en die Garmin Drive toepassing paar om bykomende kenmerke te ontsper en toegang tot intydse inligting te kry (*Regstreekse Dienste, Verkeer en Slimfoonkenmerke*, bladsy 32).

1. Installeer die Garmin Drive toepassing vanuit die toepassingwinkel op jou slimfoon.
2. Skakel jou RV / Camper toestel aan en plaas die toestel en jou slimfoon binne 3 m (10 vt.) van mekaar.
3. Maak die Garmin Drive toepassing op jou foon oop.
4. Volg die instruksies op die skerm om by ’n Garmin rekening aan te teken en die paar- en opstelproses te voltooi.

Die hoof-toepassingpaneelbord verskyn. Nadat die toestelle gepaar is, verbind hulle outomaties wanneer hulle aangeskakel en binne reikafstand is.

### Wenke na die paring van die toestelle

- Na die aanvanklike paring kan die twee toestelle outomaties verbind elke keer wat hulle aangeskakel word.
- Wanneer jy die toestel aanskakel, probeer dit om te verbind met die laaste foon waarmee dit verbind was.
- Jy sal moontlik jou foon moet stel om outomaties aan die toestel te verbind wanneer die toestel aangeskakel word.
- Jy moet verifieer dat die Bluetooth kenmerke wat jy wil gebruik, ontsper is (*Ontsper of Versper van Bluetooth-kenmerke*, bladsy 35).

### Paar bykomende Bluetooth toestelle

1. Plaas jou kopstuk of foon en jou Bluetooth toestel binne 33 vt. (10 m) van mekaar.
2. Ontsper Bluetooth koordlose tegnologie op jou toestel.
3. Ontsper Bluetooth koordlose tegnologie op jou kopstuk of foon en maak seker dit is sigbaar vir ander Bluetooth toestelle.
4. Kies op jou toestel **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Bluetooth**.
   ’n Lys van nabygeleë Bluetooth toestelle verskyn.
5. Kies jou kopstuk of foon uit die lys.
6. Indien nodig, kies **Paar**.

## Gaan na ’n adres of ligging met gebruik van die Garmin Drive toepassing

Jy kan die Garmin Drive toepassing gebruik om na ’n adres, besigheid of belangepunt te soek, en dit na jou RV / Camper toestel te stuur vir navigasie.

1. Kies vanaf die Garmin Drive toepassing **Waarheen?**.
2. Kies ’n opsie:
   - Om na ’n adres naby jou te soek, voer die huisnommer en straatnaam in.
   - Om na ’n adres in ’n ander stad te soek, voer die huisnommer, straatnaam, stad en staat in.
   - Om na ’n besigheidsnaam te soek, voer die hele naam of ’n deel van die naam in.
   - Om na ’n stad te soek, voer die stad en staat in.

   Soos wat jy tik, verskyn voorstelle onder die soekveld.
3. Kies ’n voorgestelde soekresultaat.
   Die toepassing vertoon die ligging op ’n kaart.
4. Kies **Gaan!** om ’n roete te begin.

Die RV / Camper toestel begin om na die gekose ligging te navigeer, en die ligging word by jou onlangse soektogte gevoeg in die Waarheen?-kieslys.

## Slimkennisgewings

Terwyl jou toestel aan die Garmin Drive toepassing verbind is, kan jy kennisgewings vanaf jou slimfoon op jou RV / Camper toestel besigtig, bv. SMS’e, inkomende oproepe en kalenderafsprake.

### Ontvang Kennisgewings

**⚠ WAARSKUWING**

Moet nie kennisgewings lees of dit beantwoord terwyl jy bestuur nie. Indien jy dit doen, kan jou aandag deur die vertoonskerm afgetrek word, wat tot ’n ongeluk en ernstige persoonlike besering of die dood kan lei.

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jou toestel aan ’n gesteunde foon gekoppel wees wat die Garmin Drive toepassing loop.

’n Opspringvenster verskyn van die meeste bladsye wanneer die toestel ’n kennisgewing van jou slimfoon ontvang. Indien die toestel beweeg, moet jy bevestig jy is ’n passasier en nie die bestuurder nie voordat jy kennisgewings kan besigtig.

**LET WEL:** Indien jy die kaart besigtig, verskyn kennisgewings in ’n kaartnutsmiddel.

- Om ’n kennisgewing te ignoreer, kies **Goed**.

  Die opspringvenster maak toe, maar die kennisgewing bly aktief op jou foon.
- Om ’n kennisgewing te sien, kies **Besigtig**.
- Om na die kennisgewing te luister, kies **Besigtig** > **Speel**.

  Die toestel lees die kennisgewing met die gebruik van teks-na-spraak-tegnologie. Hierdie kenmerk is nie vir alle tale beskikbaar nie.
- Om bykomende aksies uit te voer, bv. om die kennisgewing op jou foon toe te maak, kies **Besigtig** en kies ’n opsie.

  **LET WEL:** Bykomende aksies is slegs vir sekere soorte kennisgewings beskikbaar, en moet ondersteun word deur die toepassing wat die kennisgewing genereer.

## Vryhand-oproepe

**LET WEL:** Alhoewel meeste fone en kopstukke gesteun en gebruik kan word, kan daar nie gewaarborg word dat ’n spesifieke foon of kopstuk versoenbaar sal wees nie. Alle kenmerke is moontlik nie vir jou foon beskikbaar nie.

Jou toestel kan met behulp van Bluetooth se koordlose tegnologie met jou versoenbare selfoon en koordlose kopstuk of valhelm verbind om ’n vryhandtoestel te word. Gaan na www.garmin.com/bluetooth om versoenbaarheid na te gaan.

### Maak van ’n Oproep

1. Kies ⋯ > **Nutsmiddels** > **Telefoon**.
2. Kies ’n opsie:
   - Om ’n nommer te skakel, kies ⋯, voer die foonnommer in en kies 📞.
   - Om nommers van onlangs geskakelde of ontvangde oproepe te sien, of oproepe wat gemis is, kies 🕓, kies ’n log en kies ’n nommer om dit te skakel.
   - Om ’n kontak in jou telefoonboek te bel, kies 👤 en kies ’n kontak.

### Ontvang van ’n Oproep

Wanneer jy ’n oproep ontvang, kies **Antwoord** of **Afsit**.

### Gebruik In-oproep-opsies

In-oproep-opsies verskyn wanneer jy 'n oproep beantwoord. Sekere opsies is dalk nie met jou foon versoenbaar nie.

**WENK:** Indien jy die in-oproep-opsies-bladsy sluit, kan jy dit weer oopmaak deur uit die hoofkieslys te kies.

- Om 'n konferensie-oproep op te stel, kies die beller-ID en kies .
- Om oudio na jou foon oor te dra, kies .

  **WENK:** Jy kan hierdie kenmerk gebruik as jy die Bluetooth verbinding wil verbreek en die oproep wil voortsit, of as jy privaatheid benodig.
- Om die skakelblad te gebruik, kies die beller-ID en kies .

  **WENK:** Jy kan hierdie kenmerk gebruik om outomatiese stelsels te gebruik, soos stempos.
- Om die mikrofoon te demp, kies .
- Om af te lui, kies .

### Om 'n foonnommer as voorafgestel te berg

Jy kan tot drie kontakte as voorafgestelde nommers op die skakelblad berg. Dit laat jou toe om vinnig jou huisfoonnommer, familielede of kontakte wat jy gereeld bel te skakel.

1. Kies > **Nutsmiddels** > **Telefoon**.
2. Indien nodig, kies .
3. Kies 'n voorafgestelde nommer, byvoorbeeld **Voorafgestelde 1**.
4. Kies **Goed** en kies dan 'n kontak.

## Koordlose Kopstukke

Jou toestel kan oudionavigasie-aanporboodskappe na 'n Bluetooth geaktiveerde koordlose kopstuk stuur.

## Ontsper of Versper van Bluetooth-kenmerke

Jy kan vryhand-oproepe en Garmin Drive kenmerke vir jou gepaarde slimfoon ontsper of versper.

1. Kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Bluetooth**.
2. Kies langs jou foonnaam.
3. Kies in die **Gebruik vir**-afdeling 'n opsie:
   - Om 'n verbinding aan die Garmin Drive toepassing te ontsper, kies **Garmin Drive**.
   - Om vryhand-oproepkenmerke te ontsper, kies **Handvry**.
4. Kies **Goed**.

### Wys of verberg toepassingkennisgewings (Android™)

Jy kan die Garmin Drive toepassing gebruik om self te kies watter soorte slimfoonkennisgewings op jou RV / Camper toestel verskyn.

1. Maak die Garmin Drive toepassing op jou foon oop.
2. Kies > **Slimkennisgewings**.

   'n Lys slimfoontoepassing-kategorieë verskyn.
3. Kies 'n kategorie om kennisgewings vir daardie soort toepassing te ontsper of versper.

### Vertoon of Versteek Kennisgewingkategorieë vir Jou Apple® Toestel

Indien jy aan 'n Apple toestel verbind is, kan jy die kennisgewings filtreer wat op jou RV / Camper toestel vertoon word, deur kategorieë te wys of te versteek.

1. Kies > **Nutsmiddels** > **Slimkennisgewings** > .
2. Kies die merkblokkie langs elke kennisgewing wat vertoon moet word.

## Ontkoppel ’n Bluetooth toestel

Jy kan ’n Bluetooth toestel tydelik ontkoppel sonder om dit van die gepaarde-toestelle-lys te skrap. Die Bluetooth toestel kan outomaties aan jou RV / Camper toestel in die toekoms verbind.

1 Kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Bluetooth**.
2 Kies die toestel om te ontkoppel.
3 Kies **Goed**.

## Skrap van ’n gepaarde Bluetooth toestel

Jy kan ’n gepaarde Bluetooth toestel skrap om te verhoed dat dit in die toekoms outomaties met jou RV / Camper-toestel verbind. Die skrap van ’n gepaarde slimfoon skrap ook alle gesinchroniseerde foonboekkontakte en oproepgeskiedenis uit jou RV / Camper-toestel.

1 Kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Bluetooth**.
2 Kies langs die Bluetooth toestelnaam ⚙ > **Vergeet**.

# Verkeer

***KENNISGEWING***

Garmin is nie verantwoordelik vir die akkuraatheid of tydigheid van die verkeersinligting nie.

Jou toestel kan inligting verskaf oor verkeer op die pad vorentoe of op jou roete. Jy kan jou toestel stel om verkeer tydens die berekening van roetes te vermy, en om ’n nuwe roete na jou bestemming te vind indien ’n groot verkeersvertraging op jou aktiewe roete voorkom (*Verkeersinstellings*, bladsy 50). Die verkeerskaart stel jou in staat om deur die kaart te blaai vir verkeersvertragings in jou area.

Om verkeersinligting te verskaf, moet jou toestel verkeersdata ontvang.

- Alle produkmodelle kan intekeninglose verkeersdata ontvang met gebruik van die Garmin Drive toepassing (*Ontvang verkeersdata met gebruik van jou slimfoon*, bladsy 36).
- Alle produkmodelle kan verkeersdata met gebruik van ’n luglangse verkeersontvanger-bybehoorsel ontvang (*Ontvang verkeersdata met gebruik van ’n verkeersontvanger*, bladsy 37). Besoek jou produkbladsy by garmin.com om ’n versoenbare verkeersontvanger-bybehoorsel te vind en te koop.

Verkeersdata is nie in alle areas beskikbaar nie. Gaan na garmin.com/traffic vir meer inligting oor verkeerdekkingsgebiede.

## Ontvang verkeersdata met gebruik van jou slimfoon

Jou toestel kan intekeningvrye verkeersdata ontvang terwyl dit verbind is aan ’n slimfoon wat die Garmin Drive toepassing loop.

1 Verbind jou toestel aan die Garmin Drive toepassing.
2 Op jou RV / Camper toestel, kies **Instellings** > **Verkeer** > **Verkeer** en verifieer dat die **Garmin Regstreekse Verkeer**-opsie gekies is.

## Ontvang verkeersdata met gebruik van ’n verkeersontvanger

***KENNISGEWING***

Verhitte (gemetalliseerde) windskerms kan die werkverrigting van die verkeersontvanger verlaag.

’n Verkeersontvanger ontvang, waar beskikbaar, verkeersdata van ’n luglangse uitsaaisein. Om verkeersdata oor die lug te ontvang, moet die toestel aan voertuigkrag gekoppel wees deur ’n verkeersversoenbare kragmontering. ’n Verkeersontvanger word by sekere produkmodelle ingesluit (*Verkeer*, bladsy 36). Indien jou produkmodel nie ’n verkeersontvanger insluit nie, kan jy na jou produkbladsy gaan by garmin.com om ’n versoenbare verkeersontvanger-bybehoorsel te vind en te koop.

Verkeersdata is nie in alle areas beskikbaar nie. Gaan na garmin.com/traffic vir meer inligting oor verkeerdekkingsgebiede.

1. Koppel die toestel met behulp van die verkeersversoenbare montering aan voertuigkrag (*Montering van en kragtoevoer aan die toestel in jou voertuig*, bladsy 2).

   Indien jou produkmodel verkeersdata insluit, is die kragmontering wat by jou toestel ingesluit is, verkeersversoenbaar. Indien jy ’n verkeersontvanger as ’n bybehoorsel gekoop het, moet jy die bybehoorsel gebruik om die toestel aan voertuigkrag te koppel.
2. Kies **Instellings** > **Verkeer** > **Verkeer** en verifieer dat die **Verkeerbybehoorsel**-opsie gekies is.

## Besigtiging van verkeer op die kaart

Die verkeerskaart vertoon kleurgekodeerde verkeersvloei en -vertragings op nabygeleë paaie.

1. Vanuit die hoofkieslys, kies ⋯ > **Navigasie** > **Verkeer**.
2. Indien nodig, kies ☰ > **Sleutel** om die sleutel vir die verkeerskaart te sien.

### Soek vir verkeersvoorvalle

1. In die hoofkieslys, kies ⋯ > **Navigasie** > **Verkeer**.
2. Kies ☰ > **Voorvalle**.
3. Kies ’n item op die lys.
4. Indien daar meer as een voorval is, gebruik die pyltjies om bykomende voorvalle te sien.

# Stemopdrag

**LET WEL:** Stemopdrag is nie vir alle tale en streke beskikbaar nie, en is moontlik nie vir alle modelle beskikbaar nie.

**LET WEL:** Stemgeaktiveerde Navigasie kan moontlik nie gewenste werkverrigting bereik wanneer dit in 'n raserige omgewing is nie.

Stemopdrag laat jou toe om jou toestel te gebruik deur woorde en opdragte te sê. Die stemopdrag-kieslys verskaf stemaanporboodskappe en ’n lys van beskikbare opdragte.

## Wenke vir Praat op die Toestel

- Praat in ’n duidelike stem in die rigting van die toestel.
- Begin elke versoek met *OK, Garmin*.
- Verminder agtergrondgeraas, soos stemme of die radio, om die toestel te help om jou opdragte meer akkuraat te vertolk.
- Reageer soos nodig op stemaanporboodskappe van die toestel.
- Probeer jou versoek herformuleer as jy nie ’n nuttige reaksie kry nie.
- As die toestel nie op jou versoeke reageer nie, verifieer dat dit nie naby ’n luidspreker of luggat is nie, wat geraas kan veroorsaak wat met die mikrofoon inmeng.

## Begin Garmin stemgeaktiveerde navigasie

Garmin stemgeaktiveerde navigasie laat jou toe om eenvoudige gesproke opdragte te gebruik om na liggings en adresse te soek, roetes met draai-vir-draai-aanwysings te begin, vryhand-foonoproepe te maak en nog meer.

- Sê *OK, Garmin* en gee ’n gesproke versoek.
  Jy kan byvoorbeeld frases soos hierdie sê:
  - *OK, Garmin, take me home.*
  - *OK, Garmin, where's the library?*

## Nagaan van jou aankomstyd

Terwyl ’n roete aktief is, kan jy ’n frase sê om jou geskatte aankomstyd by jou bestemming na te gaan.

Sê *OK, Garmin, what time will we arrive?*.

## Maak ’n Foonoproep Met Gebruik Van Jou Stem

Jy kan ’n stemopdrag gebruik om ’n kontak in die foonboek van jou gepaarde slimfoon te bel.

Sê *OK, Garmin, call* en sê die kontak se naam.

Jy kan byvoorbeeld sê *OK, Garmin, call Mom.*.

## Verander toestelinstellings met gebruik van jou stem

Jy kan frases soos hierdie sê om toestelinstellings op ’n waarde van 0 tot 10 te stel.

- *OK, Garmin, increase the volume.*
- *OK, Garmin, set the volume to 0.*
- *OK, Garmin, set the volume to 9.*

# Gebruik van die Toepassings

## Besigtiging van die Eienaarshandleiding op Jou Toestel

Jy kan die volledige eienaarshandleiding in verskillende tale op die toestelskerm besigtig.

1 Kies ⋯ > **Nutsmiddels** > **Gebruikershandleiding**.
  Die eienaarshandleiding verskyn in dieselfde taal as die sagtewareteks (*Stel die tekstaal*, bladsy 51).
2 Kies 🔍 om deur die eienaarshandleiding te soek (opsioneel).

## Ritbeplanner

Jy kan die ritbeplanner gebruik vir die skepping en berging van ’n rit, wat jy later kan navigeer. Dít kan nuttig wees om ’n afleweringsroete, vakansie of padrit te beplan. Jy kan ’n gebergde rit wysig om dit verder te verpersoonlik, insluitend die herordening van liggings, optimalisering van die stopvolgorde en die byvoeg van voorgestelde besienswaardighede en vormpunte.

Jy kan die ritbeplanner ook gebruik om jou aktiewe roete te wysig en te berg.

## Beplan ’n Rit

’n Rit kan baie bestemmings insluit en moet ten minste ’n beginligging en een bestemming insluit. Die beginligging is die ligging waarvandaan jy beplan om met jou rit te begin. As jy die rit vanaf ’n ander ligging begin navigeer, gee die toestel jou die opsie om eers ’n roete tot by jou beginligging te neem. Vir ’n retoerrit kan die beginligging en finale bestemming dieselfde wees.

1. Kies > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Nuwe Rit**.
2. Kies **Kies beginligging**.
3. Kies ’n ligging vir jou beginpunt en kies **Kies**.
4. Kies **Kies Bestemming**.
5. Kies ’n ligging vir ’n bestemming en kies **Kies**.
6. Kies **Voeg Ligging by** om meer liggings by te voeg (opsioneel).
7. Nadat jy al die nodige liggings bygevoeg het, kies **Volgende** > **Berg**.
8. Voer ’n naam in en kies **Gedoen**.

## Wysig en Herorden Liggings in ’n Rit

1. Kies > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte**.
2. Kies ’n gebergde rit.
3. Kies ’n ligging.
4. Kies ’n opsie:
   - Om die ligging op of af te beweeg, kies en sleep die ligging na ’n nuwe posisie op die rit.
   - Om ’n nuwe ligging ná die gekose ligging by te voeg, kies .
   - Om die ligging te verwyder, kies .

### Optimaliseer die Bestemmingsvolgorde op ’n Rit

Die toestel kan bestemmings se volgorde op jou rit automaties optimaliseer om ’n korter, doeltreffender roete te skep. Die beginligging en finale bestemming word nie verander as jy die volgorde optimaliseer nie.

Terwyl jy ’n rit wysig, kies > **Optimaliseer roete**.

## Ontdek Besienswaardighede Tydens Jou Rit

Die toestel kan interessante of gewilde besienswaardighede voorstel om by jou rit te voeg.

1. Terwyl jy ’n rit wysig, kies > **Stel trekpleisters voor**.
2. Kies ’n besienswaardigheid om meer inligting te sien.
3. Kies **Kies** om die besienswaardigheid by jou rit te voeg.

## Verander Roete-opsies vir ’n Rit

Jy kan die manier waarop die toestel die roete bereken, pasmaak wanneer jy jou rit begin.

1. Kies > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte**.
2. Kies ’n gebergde rit.
3. Kies .
4. Kies ’n opsie:
   - Om vormpunte by jou rit te voeg, kies **Vorm Roete** en volg die instruksies op die skerm (*Vorm Jou Roete*, bladsy 16).
   - Om die berekeningsmodus vir die rit te verander, kies **Roetevoorkeur** (*Verander die Roeteberekeningsmodus*, bladsy 16).

### Navigeer na 'n Gebergde Rit

1 Kies ⊞ > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte**.
2 Kies 'n gebergde rit.
3 Kies **Gaan!**.
4 Kies die eerste ligging om na te navigeer en kies **Wegspring**.
   Die toestel bereken 'n roete vanaf jou huidige ligging na die gekose ligging, en begelei jou dan in volgorde na die oorblywende ritbestemmings.

### Wysig en Berg Jou Aktiewe Roete

As 'n roete aktief is, kan jy die ritbeplanner gebruik om jou roete as 'n rit te wysig en te berg.

1 Kies ⊞ > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte** > **My Aktiewe Roete**.
2 Wysig jou roete deur enige van die ritbeplanner-kenmerke te gebruik.
   Die roete herbereken elke keer wanneer jy 'n verandering maak.
3 Kies **Berg** om jou roete te berg as 'n rit, wat jy later weer kan navigeer (opsioneel).

## TracBack®

### Volg van jou onlangse spoor

Die TracBack eienskap neem die jongste segment van jou beweging op. Jy kan op jou onlangse spoor na 'n vorige ligging teruggaan.

1 Kies ⊞ > **Navigasie** > **TracBack**.
   Jou onlangse spoor verskyn op die kaart.
2 Kies **Gaan!**.

### Berg jou onlangse spoor as 'n rit

Jy kan jou onlangse spoor as 'n rit berg, wat jy later met behulp van die ritbeplanner kan navigeer(*Navigeer na 'n Gebergde Rit*, bladsy 40).

1 Kies **TracBack**.
   Jou onlangse spoor verskyn op die kaart.
2 Kies 🔧 > **Berg as Rit**.
3 Voer 'n naam in en kies **Gedoen**.

## Fusion-Link™ koordlose afstandbeheertoepassing

Jy kan die Fusion-Link afstandbeheertoepassing op jou RV / Camper-toestel gebruik om 'n versoenbare Fusion® stereo te beheer. Jy kan die volume verstel, die bron verander, terugspeel beheer, voorafgestelde radiokanale kies en bestuur, sekere stereo-instellings verstel en DSP-profiele op die stereo konfigureer.

Die toepassing kommunikeer met die stereo met gebruik van 'n koordlose verbinding aan die RV / Camper-toestel. Jy moet jou toestel deur middel van Bluetooth tegnologie aan die stereo verbind om die toepassing te gebruik.

Indien jy die stereo aan 'n Wi-Fi netwerk verbind, kan die toepassing met gebruik van daardie netwerk met die stereo kommunikeer, wat 'n groter reikwydte as 'n Bluetooth verbinding verskaf.

### Verbind aan 'n stereo met gebruik van Bluetooth

1 Ontsper Bluetooth ontdekmodus op jou versoenbare Fusion stereo.
2 Skakel jou RV / Camper-toestel aan en sit die toestel binne 10 m (33 vt.) van die stereo.
3 Op jou RV / Camper-toestel, kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Bluetooth**.
4 Kies jou Fusion stereo uit die lys beskikbare toestelle.

## Verbind aan ’n stereo met gebruik van ’n koordlose netwerk

Jy kan jou RV / Camper-toestel aan ’n versoenbare Fusion stereo verbind wat aan dieselfde koordlose netwerk verbind is.

1 Kies ’n opsie:
   - Verbind jou Fusion stereo aan die voertuig se Ethernet of koordlose netwerk.
   - Indien jou Fusion stereo ’n ingeboude koordlose netwerk het, ontsper koordlose netwerke in die stereo-instellings.
2 Op jou RV / Camper-toestel, kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Wi-Fi**.
3 Kies dieselfde koordlose netwerk as waaraan jou stereo verbind is.
4 Indien nodig, voer ’n wagwoord in.

## Musiekterugspeel

### Speel Musiek

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Fusion Link**.
2 Kies ’n stereo uit die lys.
3 Indien nodig, kies ’n liedjie of stasie.

### Kies ’n bron

1 Kies die bronikoon.
   Die bronikoon is in die boonste linkerhoek van die stereoskerm en dit dui die bron aan wat tans gekies is.
2 Kies ’n bron.

### Terugspeelkontroles

Die terugspeelkontroles op die skerm kan verander na gelang van die gekose bron.

| | |
|---|---|
| ⏸ | Kies om mediaterugspeel te onderbreek. |
| ▶ | Kies om media te speel of mediaterugspeel te hervat. |
| ⏮ | • Kies om na die vorige snit oor te slaan, wanneer ’n toepaslike bron gebruik word.<br>• Hou om die snit terug te rol wanneer ’n toepaslike bron gebruik word.<br>• AM- of FM-bron:<br>◦ Kies om na die vorige stasie of voorafgestelde stasie in te stel.<br>◦ Hou in om vinniger in te stel (slegs handmatigmodus). |
| ⏭ | • Kies om na die volgende snit oor te slaan, wanneer ’n toepaslike bron gebruik word.<br>• Hou om die snit vinnig vorentoe te rol wanneer ’n toepaslike bron gebruik word.<br>• AM- of FM-bron:<br>◦ Kies om na die volgende stasie of voorafgestelde stasie in te stel.<br>◦ Hou in om vinniger in te stel (slegs handmatigmodus). |
| M A ★ | Kies om deur die instelmodusse (outo of handmatig) en voorafgestelde opsies te beweeg.<br>Druk en hou om die huidige stasie as ’n voorafgestelde stasie te berg. |
| + | Kies om die volume van die huidige sone te verhoog. |
| − | Kies om die volume van die huidige sone te verlaag. |
| Gain | Op die AUX-bron, beweeg die glyer om die toename te verhoog of verlaag. |

## Oudiobeheer

### Verstel die volume vir ’n sone

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** > .
2 Beweeg die glyer om die volume vir ’n sone te beheer.

### Demp alle gekoppelde stereo’s

Jy kan vinnig die oudio demp vanaf hierdie stereo of vanaf alle stereo’s wat aan die netwerk gekoppel is.

Kies vanaf enige bron .

Die dempsimbool verskyn en oudio vanaf hierdie stereo word stilgemaak.

### Verstel die toon

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** > > **Music**.
2 Kies ’n sone.
3 Kies **Tone**.
4 Skuif die glybalk om die vlak van elke toon te verstel.

### Versper die Hard-instelling vir ’n sone

Die Loud-instelling behou frekwensiereaksies teen lae volumes en verhoog waargeneemde hardheid teen hoë volumes. Hierdie instelling is by verstek in alle sones ontsper.

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** > > **Music**.
2 Kies ’n sone.
3 Kies **Loud** om die instelling te ontsper of versper.

### Verstel die toename vir ’n aanvullende toestel

Jy kan die toename vir ’n gekoppelde, aanvullende toestel verstel om ’n volumevlak soortgelyk aan dié van ander mediabronne te verkry. Jy kan die toename in 1 dB-inkremente verstel.

1 Kies ’n aanvullende bron.
2 Beweeg die glyer om die toename te verhoog of verlaag.

**LET WEL:** Om die beste oudiogehalte te kry wanneer jy ’n draagbare mediaspeler met oorfone gebruik, is dit dalk nodig om die volumebeheer op die mediaspeler te verstel, eerder as om die toename te verstel.

### Luidsprekersones

Jy kan luidsprekers in een area in ’n luidsprekersone saamgroepeer. Dit laat jou toe om die oudiovlak van die sones individueel te beheer. Jy kan die oudio byvoorbeeld stiller maak in die kajuit en harder op die dek.

Jy kan die balans, volumeperk, toon, laebasluidsprekervlak, laebasluidsprekerfrekwensie en naam vir elke sone stel, en ander sonespesifieke instellings konfigureer (*Instellings vir luidsprekersone*, bladsy 44).

### Verstel die oudio-instellings vir ’n sone

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** > > **Music**.
2 Kies ’n sone.
3 Kies **Meer**.
4 Kies een of meer opsies:

**LET WEL:** Nie alle opsies is vir alle sones beskikbaar nie.

- Om die maksimum volumevlak van hierdie sone te beperk, kies **VOLUME LIMIT** en verstel die vlak.
- Om die laebasluidsprekervlak van hierdie sone te stel, kies **SUB LEVEL** en verstel die vlak.
- Om die regter- en linkerluidsprekerbalans van hierdie sone te verstel, kies **BALANCE** en verstel die balans.

### Verstel die laebasluidsprekerfilter

Jy kan die laebasluidsprekerfilter-instelling gebruik om die laebasluidspreker se afsnyfrekwensie vir elke sone te beheer, wat die klanksamestelling van die luidsprekers en die laebasluidspreker kan verbeter. Oudioseine bo die gekose afsnyfrekwensie word nie na die laebasluidspreker oorgedra nie.

**LET WEL:** As ’n DSP-instelling op die sone toegepas is, kan hierdie instelling nie op die stereo verander word nie. Jy kan die DSP-instelling vir die optimale afsnyfrekwensie sien soos wat dit deur die DSP-beheerder bereken is, maar jy kan dit nie verstel nie.

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** > > **Music**.
2 Kies ’n sone.
3 Kies **Subwoofer Filter**.
4 Kies ’n frekwensie.

### DSP-instellings

Sekere Fusion stereo’s spog met digitale seinverwerking (DSP). Jy kan voorafgekonfigureerde DSP-instellings kies vir Fusion luidspreker en versterkers om oudiogehalte te optimaliseer.

Alle DSP-instellings word gekonfigureer met gebruik van die Fusion-Link afstandbeheertoepassing.

**LET WEL:** Hierdie kenmerk is nie vir alle stereomodelle beskikbaar nie.

### Konfigureer die DSP-instellings

Jy kan die DSP-instellings konfigureer om die klank te optimaliseer in elke sone wat Fusion luidsprekers en versterkers gebruik.

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** > > **Music**.
2 Kies ’n sone.
3 Kies **DSP Settings**.
4 Konfigureer die DSP-instellings soos nodig, na gelang van die model Fusion luidsprekers en versterkers wat aan die sone gekoppel is.
5 Herhaal hierdie stappe vir elke sone.
6 Nadat jy die DSP-instellings vir al die sones gekonfigureer het, kies **Send DSP Settings**.

## Voorafingesteldes

Jy kan jou gunsteling-AM-stasies en -FM-stasies as voorafingesteldes stoor vir maklike toegang.

### Berg ’n stasie as ’n voorafingestelde

1 Met ’n toepaslike bron gekies, skakel die stereo in op ’n stasie of ’n kanaal.
2 Druk en hou M A ★.

### Kies ’n voorafingestelde uit ’n lys

1 Met ’n toepaslike bron gekies, kies ★.
2 Kies ’n voorafingestelde.

### Die verwydering van voorafingesteldes

1 Met ’n toepaslike bron gekies, kies ★.
2 Kies .
3 Kies elke voorafingestelde wat jy wil verwyder.
4 Nadat jy klaar voorafingesteldes verwyder het, kies .

### Oudio-instellings

Kies  > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** > .

**Music**: Stel jou in staat om die luidsprekersones te konfigureer (*Instellings vir luidsprekersone*, bladsy 44).

**Tuner Region**: Stel die streek wat deur die onderskeie radiobronne gebruik word.

**Device Name**: Stel ’n naam vir hierdie stereo.

**Searching**: Ontsper Fusion Alpha Search Technology (FAST), wat jou toelaat om vinnig na snitte volgens letter of nommer te soek. Jy kan die minimum aantal snitte stel wat nodig is om die FAST-kieslys te ontsper. FAST-soektogte is beskikbaar wanneer jou toestel meer as hierdie aantal snitte bevat.

**Update**: Laat jou toe om die stereo- en DSP-instellingsagteware by te werk.

**About**: Wys die sagtewareweergawe-inligting vir die stereo.

### Instellings vir luidsprekersone

#### Stel ’n sonenaam

Jy kan ’n naam vir ’n luidsprekersone stel, sodat dit makliker geïdentifiseer kan word.

1. Kies  > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** >  > **Music**.
2. Kies ’n sone.
3. Kies **Zone Name**.
4. Gebruik die skermsleutelbord om ’n naam in te voer en kies **OK**.

#### Skakel sones aan mekaar

Jy kan sone 1 en 2 aan mekaar skakel om die volumevlakke gesinchroniseer te hou. Verstelling van enigeen van die geskakelde sones se volume, sal beide sones beïnvloed.

Kies  > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** >  > **Music** > **Zone 2** > **Link to zone 1**.

**LET WEL:** Nadat sone 1 en 2 geskakel is, kan jy nie die volume van elke sone afsonderlik verstel nie.

#### Versper ’n sone

Jy kan ’n ongebruikte sone versper en dit uit die oudiovlakblaaie verwyder. Wanneer ’n sone versper is, kan jy nie enige instellings vir daardie sone verander nie. Jy kan slegs sone 3 en 4 versper.

1. Kies  > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** >  > **Music**.
2. Kies ’n sone.
3. Kies **Zone Enabled**.

#### Versper die interne versterkers

Indien jy nie luidsprekers direk aan sone 1 en 2 koppel nie, kan jy die interne versterkers versper om kragverbruik te verminder.

1. Kies  > **Nutsmiddels** > **Fusion Link** >  > **General**.
2. Kies **Internal Amplifiers**.

## Logdiensgeskiedenis

Jy kan die datum- en afstandsmeterlesing opteken wanneer diens of instandhouding op jou voertuig gedoen word. Die toestel verskaf verskeie dienskategorieë en jy kan selfgekose kategorieë byvoeg (*Voeg tans dienskategorieë by*, bladsy 45).

1. Kies  > **Nutsmiddels** > **Diensgeskiedenis**.
2. Kies ’n dienskategorie.
3. Kies **Voeg Rekord by**.
4. Voer die afstandsmeterlesing in en kies **Volgende**.
5. Voer kommentaar in (opsioneel).
6. Kies **Gedoen**.

### Voeg tans dienskategorieë by

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Diensgeskiedenis**.
2 Kies > **Voeg Kategorie by**.
3 Voer ’n kategorienaam in en kies **Gedoen**.

### Skrap tans dienskategorieë

Wanneer jy ’n dienskategorie skrap, word alle diensrekords in die kategorie ook geskrap.

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Diensgeskiedenis**.
2 Kies > **Skrap Kategorieë**.
3 Kies die dienskategorieë om te skrap.
4 Kies **Skrap**.

### Herbenoem dienskategorieë

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Diensgeskiedenis**.
2 Kies die kategorie om te herbenoem.
3 Kies > **Herbenoem Kategorie**.
4 Voer ’n naam in en kies **Gedoen**.

### Wysig tans ’n diensrekord

Jy kan die kommentaar, afstandsmeterlesing en datum van ’n diensrekord wysig.

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Diensgeskiedenis**.
2 Kies ’n kategorie.
3 Kies ’n veld.
4 Voer die nuwe inligting in en kies **Gedoen**.

### Skrap tans diensrekords

1 Kies > **Nutsmiddels** > **Diensgeskiedenis**.
2 Kies ’n dienskategorie.
3 Kies > **Skrap Rekords**.
4 Kies die diensrekords om te skrap.
5 Kies **Skrap**.

## Besigtig Vorige Roetes en Bestemmings

Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jy die reisgeskiedeniskenmerk ontsper (*Toestelinstellings*, bladsy 52).

Jy kan jou vorige roetes en plekke waar jy gestop het op die kaart sien.

Kies > **Navigasie** > **Reisgeskiedenis**.

## Besigtig die Weervoorspelling


Voordat jy hierdie kenmerk kan gebruik, moet jou toestel weerdata ontvang. Jy kan jou toestel aan die Garmin Drive-toepassing verbind om weerdata te ontvang.

1 Vanaf die tuisskerm, kies die weerprofiel-hulptuig (*Tuisskerm*, bladsy 7).
Die toestel vertoon die huidige weersomstandighede en ’n voorspelling vir die volgende paar dae.
2 Kies ’n dag.
Die gedetailleerde voorspelling vir daardie dag verskyn.

### Sien Weer Naby 'n Ander Stad

**1** Vanaf die tuisskerm, kies die weerprofiel-hulptuig (*Tuisskerm*, bladsy 7).
**2** Kies **Huidige Ligging**.
**3** Kies 'n opsie:
- Om weer vir 'n gunstelingstad te sien, kies 'n stad in die lys.
- Om 'n gunstelingstad by te voeg, kies **Voeg Stad by**, en voer 'n stadnaam in.

## Garmin PowerSwitch™ Toepassing




| | |
|---|---|
| ① ⚙ | Maak die instellingskieslys van die toepassing oop |
| ② | Maak die wysigingsmodus oop om die uitleg en funksies van die toepassing te verpersoonlik |
| ③ ⏻ | Skakel alle uitsette af |
| ④ Kragknoppies | Aktiveer elke gekoppelde uitset |
| ⑤ | Vertoon stroomspanning van inset |
| ⑥ | Vertoon die totale stroomsterkte van die gekose Garmin PowerSwitch toestel |
| ⑦ | Vertoon die toestel se naam |
| ⑧ | Vertoon Garmin PowerSwitch toestel se duimgidse en duimgidse vir verpersoonlikte uitlegte |

## Om ’n kragskakelaar te aktiveer

Voordat jy die Garmin PowerSwitch toepassing kan gebruik om ’n skakelaar te aktiveer, moet jy jou Garmin PowerSwitch toestel in jou voertuig installeer en dit met die Garmin PowerSwitch toestel paar.

Kies ’n kragknoppie vanuit die Garmin PowerSwitch toepassing om ’n skakelaar aan of af te skakel.

## Om alle skakelaars af te skakel

Kies ⏻.

## Om ’n knoppie te verpersoonlik

1 Kies vanaf die Garmin PowerSwitch toepassingskerm ✎.
Die toepassing maak wysigingsmodus oop.
2 Kies ✎ op die knoppie wat jy wil verpersoonlik.
3 Kies ’n opsie:
   - Om die naam van die knoppie te verander, kies die **Knoppie-etiket**-veld en voer ’n naam in.
   - Om ’n ikoon by die knoppie te voeg, kies die **Ikoon**-veld en kies ’n ikoon.
   - Om die knoppiekleur te verander, kies ’n kleur.
   - Om die knoppie se modus te verander, kies ’n knoppiemodus.
   - Om die intensiteit van die skakelaar te verstel, gebruik die glyer.
   - Om die knoppie te stel dat dit vir ’n kontrole-inset aktiveer, kies ’n kontrole-inset.
4 Kies <.
5 Kies **Gedoen**.

## Toekenning van ’n skakelaar aan ’n kontrole-inset

Voordat jy kontrole-insetfunksies kan gebruik, moet jy ’n kontrole-inset aan jou Garmin PowerSwitch toestel (*Om ’n kontrole-inset te koppel*, bladsy 60).

Jy kan een of meer skakelaars toeken om aan te skakel wanneer die Garmin PowerSwitch toestel ’n sein vanaf ’n kontrole-inset ontvang.

1 Kies ⚙.
2 Kies jou Garmin PowerSwitch toestel.
3 Kies ’n kontrole-inset.
4 Kies een of meer skakelaars.

## Om ’n verpersoonlikte uitleg by te voeg

Jy kan ’n verpersoonlikte uitlegoortjie by die Garmin PowerSwitch toepassing voeg. Knoppies wat by ’n verpersoonlikte uitleg gevoeg word, kan gelyktydig veelvuldige skakelaars beheer.

1 Kies vanaf die Garmin PowerSwitch toepassing ✎.
Die toestel maak wysigingsmodus oop.
2 Kies ✚.

### Byvoeg van ’n knoppie op ’n selfgekose uitleg

1 Kies ’n duimgids vir verpersoonlikte uitleg vanuit die Garmin PowerSwitch toepassing.
2 Kies .
Die toepassing maak wysigingsmodus oop.
3 Kies **Byvoegknoppie**.
4 Kies  op die nuwe knoppie.
5 Kies ’n opsie:
  - Om die naam van die knoppie te verander, kies die **Knoppie-etiket**-veld en voer ’n naam in.
  - Om ’n ikoon by die knoppie te voeg, kies die **Ikoon**-veld en kies ’n ikoon.
  - Om die knoppiekleur te verander, kies ’n kleur.
6 Kies **Voeg aksie by**.
7 Indien nodig, kies ’n Garmin PowerSwitch toestel en ’n skakelaar.
8 Kies ’n aksie:
  - Kies **Wissel** om die knoppie te stel sodat die skakelaar met elke druk aan- of afskakel.
  - Kies **Skakel aan** om die knoppie te stel om die skakelaar aan te skakel.
  - Kies **Skakel af** om die knoppie te stel om die skakelaar af te skakel.
9 Kies ’n knoppiemodus:
  - Kies **Normaal** om die knoppie te stel om met een aanraking te aktiveer.
  - Kies **Vlugtig** om die knoppie te stel om net te aktiveer terwyl jy daaraan raak.
  - Om die knoppie te stel om herhaaldelik aan en af te skakel, kies **Flikker** en kies tydintervalle.
10 Gebruik die glyer om ligte se helderheid te stel, indien van toepassing.
11 Kies .
12 Kies **Voeg aksie by** om bykomende aksies vir die knoppie by te voeg, indien van toepassing.
Jy kan een aksie vir elke skakelaar op die Garmin PowerSwitch toestel byvoeg.

### Om knoppies in ’n verpersoonlikte uitleg te rangskik

1 Kies ’n duimgids vir verpersoonlikte uitleg vanuit die Garmin PowerSwitch toepassing.
2 Kies .
Die toepassing maak wysigingsmodus oop.
3 Hou  op die knoppie wat jy wil skuif en sleep die knoppie na ’n nuwe bestemming.

### Om ’n verpersoonlikte uitleg of knoppie te skrap

1 Kies ’n duimgids vir verpersoonlikte uitleg vanuit die Garmin PowerSwitch toepassing.
2 Kies .
Die toepassing maak wysigingsmodus oop.
3 Kies ’n opsie:
  - Om ’n knoppie te skrap, kies  op die knoppie wat jy wil skrap.
  - Om ’n duimgids vir uitleg te skrap, kies  op die duimgids vir uitleg.

# Instellings

## Navigasie-instellings

Kies **Instellings** > **Navigasie**.

**Berekeningsmodus**: Stel die roeteberekeningsmetode.

**Vermydings**: Stel padkenmerke om op ’n roete te vermy.

**Selfgekose Vermydings**: Stel jou in staat om spesifieke paaie of gebiede te vermy.

**Omgewingsones**: Stel die vermydingsvoorkeure vir gebiede met omgewings- of uitlaatbeperkings wat op jou voertuig van toepassing kan wees.

**Tolpaaie**: Stel die voorkeure om tolpaaie te vermy.

**Tolgeld en Fooie**: Stel die voorkeure om tolpaaie en tolplakkers te vermy.

**LET WEL:** Hierdie kenmerk is nie in alle gebiede beskikbaar nie.

**Beperkte Modus**: Versper alle funksies wat beduidende operateursaandag benodig.

**Reisgeskiedenis**: Laat die toestel toe om ’n rekord te berg van die plekke waarheen jy gaan. Dit laat jou toe om die reisloglêer te sien, die Reisgeskiedenis-kenmerk te gebruik en om myTrends voorgestelde roetes te gebruik.

**Wis Reisgeskiedenis**: Laat jou toe om alle reisgeskiedenis vanaf die toestel af te vee.

## Kaart- en Voertuiginstellings

Kies **Instellings** > **Kaart en voertuig**.

**Voertuig**: Stel die voertuigikoon wat jou posisie op die kaart verteenwoordig.

**Stemtaal**: Stel die taal vir navigasie-stemporboodskappe.

**Rykaartaansig**: Stel die perspektief op die kaart.

**Kaartdetail**: Stel die vlak van detail op die kaart. Meer detail kan veroorsaak dat die kaart stadiger geteken word.

**Kaarttema**: Verander die kleur van die kaartdata.

**Kaartlae**: Stel die data wat op die kaartblad verskyn (*Verpersoonliking van die Kaartlae*, bladsy 32).

**Outozoem**: Kies outomaties die zoemvlak vir optimale gebruik van jou kaart. Wanneer dit versper is, moet jy per hand in- of uitzoem.

**myKaarte**: Stel watter geïnstalleerde kaarte die toestel gebruik.

### Ontsper kaarte

Jy kan kaartprodukte ontsper wat op jou toestel geïnstalleer is.

**WENK:** Om bykomende kaartprodukte te koop, besoek garmin.com/maps.

1 Kies **Instellings** > **Kaart en voertuig** > **myKaarte**.
2 Kies ’n kaart.

## Verbind aan ’n koordlose netwerk

1 Kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Wi-Fi**.
2 Indien nodig, kies die wissel-skakelaar om koordlose netwerktegnologie aan te skakel.
3 Kies ’n koordlose netwerk.
4 Indien nodig, voer die enkripsiesleutel in.

Die toestel verbind aan die koordlose netwerk. Die toestel onthou die netwerkinligting en verbind outomaties wanneer jy in die toekoms na hierdie ligging terugkeer.

## Ontsper Bluetooth Koordlose Tegnologie

Kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Bluetooth**.

## Bestuurderbystandinstellings

Kies **Instellings** > **Bestuurderhulp**.

**Hoorbare bestuurderwaarskuwings**: Ontsper ’n hoorbare waarskuwing vir elke soort bestuurderwaarskuwing (*Bestuurderbewustheidskenmerke en -Waarskuwings*, bladsy 11).

**Nabyheid-waarskuwings**: Waarsku jou wanneer jy spoedkameras of rooiligkameras nader.

**Roetevoorskou**: Wys ’n voorskou van die hoofpaaie op jou roete wanneer jy begin navigeer.

**Rustydbeplanning**: Herinner jou om te rus en wys opkomende dienste nadat jy vir ’n verlengde tyd gery het. Jy kan rustydherinneringe en opkomende diensstasievoorstelle ontsper of versper.

## Verkeersinstellings

Vanuit die hoofkieslys, kies **Instellings** > **Verkeer**.

**Verkeer**: Dit ontsper die verkeerkenmerk.

**Huidige Verskaffer**: Stel die verskeersverskaffer in om vir verkeersdata te gebruik. Die Outo-opsie kies die beste beskikbare verkeersdata outomaties.

**Intekeninge**: Lys die huidige verkeersintekeninge.

**Optimaliseer Roete**: Ontsper die toestel om geoptimaliseerde alternatiewe roetes outomaties of op versoek te gebruik (*Vermy Verkeersvertragings op Jou Roete*, bladsy 17).

## Vertooninstellings

Kies **Instellings** > **Toestel** > **Vertoon**.

**Helderheidsvlak**: Stel die vertoonhelderheidsvlak op jou toestel.

**Aanpasbare helderheid**: Verstel outomaties die agtergrondhelderheid op grond van die omringende lig wanneer die toestel uit die montering is.

**Tema**: Stel jou in staat om dag- of nagkleurmodus te stel. Indien jy die Outomaties-opsie kies, skakel die toestel outomaties oor na dag- of nagkleure volgens die tyd van die dag.

**Agtergrond**: Stel die agtergrond op jou toestel.

**Slaap**: Stel jou in staat om die hoeveelheid ongebruikte tyd te stel voordat jou toestel na slaapmodus oorskakel terwyl batterykrag gebruik word.

**Dagdroom**: Ontsper of versper die dagdroom-skermskut.

**Lettergrootte**: Vergroot of verklein die lettergrootte op jou toestel.

**Wanneer die toestel geroteer word**: Stel die skerm in staat om outomaties tussen portret- en landskapvertoonmodusse te roteer op grond van die toesteloriëntasie of om in die huidige oriëntasie te bly.

## Klank- en kennisgewinginstellings

Kies **Instellings** > **Toestel** > **Klank en kennisgewing**.

**Volumeglyers**: Stel die volumevlakke vir navigasie, media, oproepe, alarms en kennisgewingwaarskuwings.

**Moenie steur nie**: Stel die reëls vir die outomatiese moenie-steur-nie-kenmerk. Hierdie kenmerk stel jou in staat om hoorbare waarskuwings tydens spesifieke tye of gebeure te versper.

**Verstekkennisgewingluitoon**: Stel die klank vir die verstekkennisgewingluitoon op jou toestel.

**Ander klanke**: Laat jou toe om klanke vir ander toestelinteraksies te ontsper of te versper, soos skermaanraking, skermsluit of laaiing.

**Uitsaai**: Laat jou toe om die toesteloudio of -video koordloos na ’n versoenbare luidspreker, skerm of toestel te stuur.

**Wanneer toestel gesluit is**: Stel of kennisgewings op die skerm verskyn terwyl die toestel gesluit is.

**Toepassingkennisgewings**: Laat jou toe om kennisgewings vir elke geïnstalleerde toepassing te ontsper of te versper en om die moenie-steur-nie-voorkeure vir elke toepassing te wysig.

**Kennisgewingtoegang**: Laat jou toe om te stel watter toepassings toegang het om stelsel- en toepassingkennisgewings te lees.

**Moenie-steur-nie-toegang**: Laat jou toe om te kies watter toepassings die moenie-steur-nie-instellings kan oorskryf of kan verander.

### Verstel Klank- en Kennisgewingvolume

1 Kies **Instellings** > **Toestel** > **Klank en kennisgewing**.
2 Gebruik die glybalke om die klank- en kennisgewingvolume te verstel.

### Stel ’n Alarm

1 Kies ⋯ > **Nutsmiddels** > **Clock** > ⏰ > ✚.
2 Stel ’n tyd.
3 Indien nodig, kies die wissel-skakelaar om die wekker aan te skakel.

## Ontsper of versper van liggingdienste

Die liggingdienste-kenmerk moet vir jou toestel ontsper wees om jou ligging te vind, roetes te bereken en navigasiebystand te verskaf. Jy kan liggingdienste versper om ’n roete te beplan wanneer GPS-seine nie beskikbaar is nie. Wanneer liggingdienste versper is, ontsper die toestel ’n GPS-nabootser om roetes te bereken en na te boots.

**WENK:** Die versper van liggingdienste kan help om batterykrag te bespaar.

1 Kies **Instellings** > **Persoonlik** > **Ligging**.
2 Kies die wisselskakeklaar om liggingdienste te ontsper of versper.

**LET WEL:** Vir meeste gebruike moet jy nie die Modus-instelling van die verstekopsie van Slegs toestel verander nie. Die toestel sluit ’n GPS-antenna met hoë werkverrigting in, wat die akkuraatste liggingdata verskaf terwyl jy navigeer.

## Stel die tekstaal

Jy kan die taal vir teks in die toestelsagteware kies.

1 Kies **Instellings** > **Persoonlik** > **Taal en toevoer** > **Taal**.
2 Kies ’n taal.

## Datum- en tydinstellings

Kies **Instellings** > **Stelsel** > **Datum en tyd**.

**Outomatiese tydsone**: Stel outomaties die tydsone op grond van inligting vanaf die gekoppelde netwerk.

**Kies tydsone**: Stel die tydsone op jou toestel wanneer Outomatiese tydsone versper is.

**Gebruik 24 uur-formaat**: Ontsper of versper die 24 uur-tydformaat.

## Toestelinstellings

Kies **Instellings** > **Meer oor die toestel**.

**Status**: Vertoon die stelselstatus en netwerkinligting.

**Regsinligting**: Laat jou toe om die eindgebruikerlisensieooreenkoms (EGLO) en sagtewarelisensie-inligting te besigtig.

**Regulatories**: Vertoon regulatoriese en nakomingsinligting vir e-etiket.

**Garmin-toestelinligting**: Vertoon weergawe-inligting vir hardeware en sagteware.

**Toesteldatarapportering**: Deel anonieme data om die toestel te verbeter.

## Herstel van Instellings

Jy kan 'n instellingskategorie na die fabrieksverstekwaardes herstel.

1. Kies **Instellings**.
2. Kies 'n instellingskategorie.
3. Kies ⋮ > **Herstel**.

# Toestelinligting

## Besigtig regulatoriese en nakomingsinligting vir e-etiket

1. Vee vanuit die instellingskieslys na die onderkant van die kieslys.
2. Kies **Meer oor die toestel** > **Regulatories**.

## Spesifikasies

| | |
|---|---|
| Bedryfstemperatuurreeks | Van -20° tot 55°C (van -4° tot 131°F) |
| Laaitemperatuurreeks | Van 0° tot 45°C (van 32° tot 113°F) |
| Radiofrekwensie (RV 890 / Camper 890) | 2,4 GHz @ 14 dBm |
| Radiofrekwensie (RV 1090 / Camper 1090) | 2,4 GHz @ 15 dBm |
| Kragtoevoer | Voertuigkrag met gebruik van die ingeslote voertuigkragkabel. AC-krag met gebruik van 'n opsionele bybehoorsel (slegs vir huis- en kantoorgebruik). |
| Batterysoort | Herlaaibare litium-ioon |

## Laai van die Toestel

**LET WEL:** Hierdie Klas III-produk sal krag deur 'n LPS-kragbron ontvang.

Jy kan die battery in die toestel op enige van die volgende maniere laai.

- Installeer die toestel in die montering en koppel die montering aan voertuigkrag.
- Verbind die toestel aan 'n opsionele kragaansluitprop-bybehoorsel, soos 'n muur-kragaansluitprop.

  Jy kan 'n goedgekeurde Garmin AC-DC-aansluitprop, wat vir tuis- of kantoorgebruik geskik is, koop by 'n Garmin handelaar of www.garmin.com. Die toestel kan dalk stadig laai wanneer dit aan 'n derdeparty-aansluitprop gekoppel is.

# Toestelonderhoud

## Garmin steunsentrum

Gaan na support.garmin.com vir hulp en inligting, soos produkhandleidings, gereelde vrae, video's en kliëntsteundienste.

## Bywerking van kaarte en sagteware met behulp van ’n Wi-Fi netwerk

***KENNISGEWING***

Kaart- en sagtewarebywerkings kan moontlik vereis dat die toestel groot lêers aflaai. Gewone datalimiete of -heffings van jou internetdiensverskaffer geld. Kontak jou internetdiensverskaffer vir meer inligting oor datalimiete of -heffings.

Jy kan die kaarte en sagteware bywerk deur jou toestel aan ’n Wi-Fi netwerk te koppel wat toegang tot die internet verskaf. Dit stel jou in staat om jou toestel bygewerk te hou sonder om dit aan ’n rekenaar te koppel.

1. Koppel die toestel aan eksterne krag deur die ingeslote USB-kabel te gebruik.

   **LET WEL:** ’n USB-kragaansluitprop word nie ingesluit nie. Gaan na die produkblad op garmin.com om ’n kragaansluitprop-bybehoor te koop.
2. Verbind die toestel aan ’n Wi-Fi netwerk (*Verbind aan ’n koordlose netwerk*, bladsy 49).

   Terwyl die toestel aan ’n Wi-Fi netwerk verbind is, kontroleer dit outomaties vir beskikbare bywerkings en vertoon dit ’n kennisgewing wanneer ’n bywerking beskikbaar is.
3. Kies ’n opsie:
   - Wanneer ’n bywerkingkennisgewing verskyn, vee af vanaf die bokant van die skerm en kies **’n Bywerking is beskikbaar.**.
   - Om per hand vir bywerkings te soek, kies **Instellings** > **Bywerkings**.

   Die toestel vertoon beskikbare kaart- en sagtewarebywerkings. Wanneer ’n bywerking beskikbaar is, verskyn **Bywerking beskikbaar** onder Kaart of Sagteware.
4. Kies ’n opsie:
   - Om alle beskikbare bywerkings te installeer, kies **Laai af**.
   - Om slegs kaartbywerkings te installeer, kies **Kaart**.
   - Om slegs sagtewarebywerkings te installeer, kies **Sagteware**.
5. Lees die lisensie-ooreenkomste, en kies **Aanvaar Almal** om die ooreenkomste te aanvaar.

   **LET WEL:** Indien jy nie met die lisensiebepalings saamstem nie, kan jy Verwerp kies. Dit stop die bywerkingproses. Jy kan nie bywerkings installeer totdat jy nie die lisensie-ooreenkomste aanvaar het nie.
6. Hou die toestel aan eksterne krag gekoppel en binne bereik van Wi-Fi se netwerk totdat die bywerkproses voltooi is.


**WENK:** Indien ’n kaartbywerking onderbreek of gekanselleer word voordat dit voltooi is, kan jou toestel moontlik kaartdata ontbreek. Jy moet die kaarte weer bywerk om ontbrekende kaartdata te herstel.

## Bywerking van kaarte en sagteware met Garmin Express

Jy kan die Garmin Express toepassing gebruik om die jongste kaart- en sagtewarebywerkings vir jou toestel af te laai en te installeer.

1. Indien jy nie die Garmin Express toepassing geïnstalleer het op jou rekenaar nie, gaan na garmin.com/express en volg die instruksies op die skerm om dit te installeer (*Installeer Garmin Express*, bladsy 55).
2. Maak die Garmin Express toepassing oop.
3. Verbind jou toestel aan jou rekenaar met behulp van ’n micro-USB-kabel.

   Die klein kant van die kabel verbind aan die micro-USB-poort ① op jou RV / Camper toestel en die groot kan verbind aan ’n beskikbare USB-poort aan jou rekenaar.




4. In die Garmin Express toepassing, klik op **Voeg ’n Toestel by**.

   Die Garmin Express toepassing soek na jou toestel en vertoon die toestelnaam en reeksnommer.
5. Klik op **Voeg Toestel by**, en volg die instruksies op die skerm om jou toestel by die Garmin Express toepassing te voeg.

   Wanneer die opstelling voltooi is, vertoon die Garmin Express toepassing die bywerkings wat vir jou toestel beskikbaar is.



6 Kies ’n opsie:
   - Om alle beskikbare bywerkings te installeer, klik op **Installeer alles**.
   - Om ’n spesifieke bywerking te installeer, klik op **Sien besonderhede**, en klik **Installeer** langs die bywerking wat jy soek.

   Die Garmin Express toepassing laai die bywerkings af en installeer dit op jou toestel. Kaartbywerkings is baie groot, en hierdie proses kan ’n lang tyd op stadiger internetverbindings neem.

   **LET WEL:** Indien ’n kaartbywerking te groot vir die toestel se interne geheue is, kan die sagteware jou moontlik por om ’n microSD® kaart in jou toestel te installeer om geheue by te voeg (*Installasie van ’n Geheuekaart vir Kaarte en Data*, bladsy 65).
7 Volg die instruksies op die skerm tydens die bywerkingsproses om bywerkings klaar te installeer.

   Die Garmin Express toepassing kan jou byvoorbeeld tydens die bywerkingsproses versoek om jou toestel te ontkoppel en weer te koppel.

### Installeer Garmin Express

Die Garmin Express toepassing is beskikbaar vir Windows® en Mac® rekenaars.

1 Gaan op jou rekenaar na garmin.com/express.
2 Kies ’n opsie:
   - Om die stelselvereistes te sien en te verifieer of die Garmin Express toepassing met jou rekenaar versoenbaar is, kies **Stelselvereistes**.
   - Om op ’n Windows rekenaar te installeer, kies **Laai af vir Windows**.
   - Om op ’n Mac rekenaar te installeer, kies **Laai af vir Mac**.
3 Maak die afgelaaide lêer oop en volg die instruksies op die skerm om die installasie te voltooi.

## Toestelsorg

| *KENNISGEWING* |
|---|
| Moenie jou toestel laat val nie. |
| Moenie die toestel berg waar dit vir lank aan uiterste temperature blootgestel kan word nie, aangesien dit permanente skade kan veroorsaak. |
| Moet nooit ’n harde of skerp voorwerp gebruik om op die aanraakskerm te werk nie, aangesien dit skade kan veroorsaak. |
| Moenie die toestel aan water blootstel nie. |

### Skoonmaak van die Buitenste Omhulsel

| *KENNISGEWING* |
|---|
| Vermy chemiese skoonmaakmiddels en oplossings wat plastiese komponente kan beskadig. |

1 Maak die buitenste omhulsel van die toestel (nie die aanraakskerm nie) skoon met gebruik van 'n lap wat klam is van 'n sagte skoonmaakmiddel.
2 Vee die toestel af dat dit droog is.

### Skoonmaak van die aanraakskerm

1 Gebruik 'n sagte, skoon, pluisvrye lap.
2 Indien nodig, maak die lap effens klam met water.
3 Indien jy 'n klam lap gebruik, skakel die toestel af en ontkoppel die toestel van krag.
4 Vee die skerm sagkens met die lap.

### Vermyding van Diefstal

- Verwyder die toestel en montering uit sig wanneer dit nie gebruik word nie.
- Verwyder die oorblyfsel wat deur die suigdoppie op die windskerm agtergelaat word.
- Moenie jou toestel in die paneelkissie bêre nie.
- Registreer jou toestel met die gebruik van Garmin Express sagteware (garmin.com/express).

## Herstel van die toestel

Jy kan jou toestel herstel indien dit ophou funksioneer.

Hou die kragtoets vir 12 sekondes in.

## Verwydering van die Toestel, Montering en Suigdoppie

### Verwyder die Montering van die Suigdoppie

1. Draai die moer los wat die magnetiese monteerstuk aan die suigdoppiebal vasheg.
2. Draai die toestelmontering na regs of links.
3. Pas druk toe totdat die sok op die montering die bal op die suigdoppie vrylaat.

### Verwydering van die Suigdoppie vanaf die Windskerm

1. Wip die hefboom op die suigdoppie na jou.
2. Trek die oortjie op die suigdoppie na jou.

# Foutopsporing

## Die suigdop wil nie op die windskerm bly nie

1. Maak die suigdop en windskerm met ontsmettingsalkohol skoon.
2. Maak met 'n skoon, droë lap droog.
3. Monteer die suigdop (*Montering van en kragtoevoer aan die toestel in jou voertuig*, bladsy 2).

## Die montering hou nie my toestel in plek terwyl ek bestuur nie

Vir die beste resultate moet jy die voertuigmontering skoon hou en die toestel naby aan die suigdoppie posisioneer.

Indien die toestel skuif terwyl jy bestuur, moet jy hierdie aksies uitvoer.

- Verwyder die montering met krag uit die suigdoppie-arm en vee die bal en sok met ’n lap af.

  Stof en ander vuilheid kan die wrywing in die bal-en-sok-skarnier verlaag en so veroorsaak dat die skarnier beweeg terwyl jy bestuur.
- Roteer die skarnierarm so ver as wat jou windskermhoek dit toelaat, in die rigting van die suigdoppie.

  Deur die toestel nader aan die windskerm te posisioneer, word die uitwerking van stampe en vibrasie vanaf die pad verlaag.

## My toestel verkry nie satellietseine nie

- Bevestig dat die liggingdienste-kenmerk ontsper is (*Ontsper of versper van liggingdienste*, bladsy 51).
- Neem jou toestel uit motorhuise en weg van hoë geboue en bome.
- Bly vir ’n paar minute stilstaande.

## Die toestel laai nie in my voertuig nie

- Bevestig dat die voertuig aangeskakel is en krag aan die kragpunt verskaf.
- Bevestig dat die binnetemperatuur van die voertuig binne die laaitemperatuur-reeks is wat in die spesifikasies aangedui word.
- Verifieer in die voertuig se smeltdraadjiekassie dat die smeltdraadjie vir die voertuigkragpunt nie gebreek is nie.

## My battery bly nie vir baie lank gelaai nie

- Verlaag die skermhelderheid (*Vertooninstellings*, bladsy 50).
- Verkort die vertoon-afsnytyd (*Vertooninstellings*, bladsy 50).
- Verlaag die volume (*Verstel Klank- en Kennisgewingvolume*, bladsy 51).
- Plaas die toestel in kragbespaarmodus wanneer dit nie gebruik word nie (*Aan- of Afskakel van die Toestel*, bladsy 6).
- Hou jou toestel weg van temperatuur-uiterstes.
- Moenie jou toestel in direkte sonlig los nie.

## My toestel verbind nie aan my foon nie

- Kies **Instellings** > **Koordlose netwerke** > **Bluetooth**.
  Die Bluetooth opsie moet ontsper word.
- Ontsper Bluetooth se koordlose tegnologie op jou foon en bring jou foon binne 10 m (33 voet) van die toestel.
- Bevestig jou foon is versoenbaar.
  Besoek www.garmin.com/bluetooth vir meer inligting.
- Voltooi weer die paarproses.
  Om die paarproses te herhaal, moet jy jou foon en toestel ontpaar (*Skrap van ’n gepaarde Bluetooth toestel*, bladsy 36) en die paarproses voltoooi.

# Bylaag

## Garmin PowerSwitch

**⚠ WAARSKUWING**

Garmin beveel ten sterkste aan dat ’n ervare installeerder met die nodige kennis van elektriese stelsels, die toestel installeer. Verkeerde bedrading van die kragkabel kan tot skade aan die voertuig of die battery lei en kan liggaamlike besering tot gevolg hê.

Jy kan ’n gekoppelde Garmin PowerSwitch toestel gebruik om ligte, waaiers en meer vanaf jou RV / Camper toestel te beheer.

### Oorwegings vir montering

- Die toestel moet naby aan die battery gemonteer word en binne reikafstand van die kragkabel wat verskaf word.
- Die monteringoppervlak moet sterk genoeg wees om die gewig van die toestel te dra.
- Die ligging moet ruimte toelaat vir die roetering en koppeling van alle kabels.

## Montering van die toestel

Voordat jy die toestel kan monteer, moet jy ’n monteerligging kies en die gepaste hardeware vir jou monteringsoppervlak aankoop.

**KENNISGEWING**

Vermy drade, meters, lugsakke, lugsakomhulsels, HVAC, en ander items terwyl jy loodsgaatjies boor en die montering aan die voertuig heg. Garmin is nie verantwoordelik vir enige skade of gevolge wat ontstaan uit die installasie nie.

1 Plaas die montering op die gekose ligging.




2 Gebruik die montering as ’n sjabloon en merk die twee skroefliggings ①.

3 Boor loodsgaatjies (opsioneel).

Vir sekere soorte monteermateriaal is dit noodsaaklik om loodsgaatjies te boor. Moenie deur die montering boor nie.

4 Maak die montering behoorlik op die oppervlak vas met behulp van die gepaste hardeware vir jou monteringsoppervlak.

## Om die voorste deksel oop te maak

Jy moet die voorste deksel oopmaak om elektriese verbindings te maak.

1 Lig die grendel van die voorste deksel ① en draai dit antikloksgewys.




2 Trek die voorste deksel van die toestel af.



## Om bybehore te koppel


**KENNISGEWING**

Moenie die toestel gebruik om 'n wenas aan te dryf of te beheer nie. Versuim om op hierdie kennisgewing ag te slaan kan skade aan jou voertuig of jou toestel veroorsaak.

Vereistes vir bybehore:

- Verifieer die stroomsterktegradering van elke bykomstigheid voordat jy dit met draad aan die Garmin PowerSwitch toestel verbind. Die toestel ondersteun bybehore tot 30 A vir elke kanaal en 'n maksimum van 100 A vir die hele stelsel.
- Gebruik 10 AWG (6 $mm^2$)-drade vir bybehore wat 20 tot 30 A gebruik.
- Gebruik 12 AWG (4 $mm^2$)-drade vir bybehore wat 10 tot 20 A gebruik.
- Gebruik 14 AWG (2,5 $mm^2$)-drade vir bybehore wat minder as 10 A gebruik.
- Gebruik die gepaste grootte terminale vir alle bybehoreverbindings.
- Krimp alle terminaalaansluitings stewig in.

1 Koppel die positiewe draad van die bykomstigheid ① aan een van die bybehoreterminale ② op die Garmin PowerSwitch toestel.




2 Koppel die negatiewe of gronddraad ③ aan 'n ongeverfde metaalpunt ④ op die voertuigraam, aan 'n gronddistribusieblok of direk aan die negatiewe terminaal op die battery.

**KENNISGEWING**

Moenie die bykomstigheid se gronddrade aan die grondterminaal (GND) op die Garmin PowerSwitch toestel koppel nie. Versuim om op hierdie kennisgewing ag te slaan kan tot persoonlike skade of skade aan eiendom lei, of die toestel se funksionaliteit negatief beïnvloed.

## Om 'n kontrole-inset te koppel

Jy kan aan die kontroleterminale koppel om die Garmin PowerSwitch toestel in staat te stel om pasmaakbare uitsette aan te skakel. Jy kan byvoorbeeld jou voertuig se aanskakelaar koppel aan 'n kontrole-insetterminaal om bykomstighede outomaties aan te skakel elke keer dat jy jou voertuig aanskakel. Die kontroleterminale bespeur 'n sein van 3,3 V tot 18 V. Jy kan uitsetfunksies met die Garmin PowerSwitch toepassing konfigureer.


Koppel die kontroledraad vanaf die kontrolebron in jou voertuig aan een van die twee kontroleterminale op die Garmin PowerSwitch toestel.

## Koppeling van die toestel aan voertuigkrag

Voordat jy die toestel aan voertuigkrag kan koppel, moet jy die waarskuwingsmerk vanaf die +12V-terminaal op die toestel verwyder.

Jy moet altyd bevestig alle elektriese verbindings is veilig en sal nie loskom terwyl jy met die toestel werk nie.

1 Koppel die grootringkant van die gronddraad wat ingesluit word ① aan die negatiewe terminaal op die voertuigbattery.




2 Koppel die kleinringkant van die gronddraad aan die **GND**-terminaal ② op die toestel.

3 Koppel die kleinringkant van die 12 V-kabel wat ingesluit word aan die **+12V**-terminaal ③ op die toestel.

4 Draai die $^{3}/_{8}$-duimmoer op die +12V-terminaal vas tot 'n maksimum wringkragspesifikasie van 4,52 Nm.

Jy moet bevestig die moer kan nie met die hand losgedraai word nie.

***KENNISGEWING***

Moenie die +12V-terminaal te styf vasdraai nie om skade aan die terminaal te vermy.

5 Koppel die grootringkant van die 12 V-kabel ④ aan die positiewe terminaal op die voertuigbattery.

## Om met 'n Garmin navigasietoestel te paar

Jy kan jou Garmin PowerSwitch toestel met 'n versoenbare Garmin navigasietoestel paar.

1 Skakel jou Garmin PowerSwitch toestel aan en plaas jou versoenbare Garmin navigasietoestel binne 1 m (3,3 vt.) daarvan.

2 Maak die Garmin PowerSwitch toepassing op jou versoenbare navigasietoestel oop.

3 Volg die instruksies op die skerm om die paar- en opstellingsproses te voltooi.

Die hoof-toepassingpaneelbord verskyn. Nadat die toestelle gepaar is, verbind hulle outomaties wanneer hulle aangeskakel en binne reikafstand is.

### Garmin PowerSwitch spesifikasies

| | |
|---|---|
| Dimensies (D x W x H) | 75 x 125 x 32 mm (2,95 x 4,92 x 1,26 duim) |
| Bedryfstemperatuurreeks | Vanaf -25 ° tot 85 °C (vanaf -13 ° tot 185 °F) |
| Koordlose frekwensie | 2,4 GHz @ 14 dBm |
| Kragtoevoer | Vanaf 12 tot 16 V met gebruik van die ingeslote voertuigkragkabel. |
| Maksimum bybehoorseluitset | 30 A |
| Maksimum stelseluitset | 100 A |
| Huidige trekking met alle uitsette af | 3 mA |
| Watergradering | IEC 60529 IPX7[1] |

### Foutopsporing

#### My Garmin PowerSwitch wil nie gekoppel bly nie

- Verifieer dat die Garmin PowerSwitch toestel krag ontvang.
- Verifieer dat Bluetooth tegnologie op jou gepaarde navigasietoestel of slimfoon ontsper is.
- Skuif die navigasietoestel of slimfoon nader aan jou Garmin PowerSwitch toestel.
- Verifieer dat jou voertuig se battery minstens 12 V krag lewer.

  Die Garmin PowerSwitch toestel skakel alle lewering outomaties af om jou voertuig se battery te beskerm as dit minder as 11 V se krag ontvang (*My bybehore ontvang nie krag nie*, bladsy 62).

#### My bybehore ontvang nie krag nie

- Maak seker dat die Garmin PowerSwitch toestel krag vanaf die voertuigbattery ontvang.
- Verifieer dat jou voertuig se battery minstens 12 V krag lewer.

  Die Garmin PowerSwitch toestel skakel alle lewering outomaties af om jou voertuig se battery te beskerm as dit minder as 11 V se krag ontvang. Lewering skakel weer aan wanneer die toestel meer as 12 V se krag bespeur.
- Maak seker dat alle elektriese verbindings stewig is en nie los sal gaan terwyl die voertuig gebruik word nie.
- Maak seker dat elke gekoppelde bybehoorsel minder as 30 A trek.

  Indien enige bybehoorsel meer as 30 A trek, sal die toestel outomaties daardie lewering afskakel.
- Maak seker dat die totale stelsellading minder as 100 A is.

  Indien die toestel ’n stelsellading van meer as 100 A bespeur, skakel dit alle lewering outomaties af.
- Ondersoek alle elektriese verbindings vir ’n elektriese kortsluiting.

## Trukameras

Jou toestel kan die videotoevoer vanaf een of meer gekoppelde trukameras vertoon.

[1] Die toestel weerstaan toevallige blootstelling aan water van tot 1 m vir tot 30 min. Vir meer inligting, besoek www.garmin.com/waterrating.

## Paar ’n BC™ 35 trukamera met ’n Garmin navigasietoestel

Jy moet die Wi-Fi instelling op jou Garmin navigasietoestel ontsper voordat jy aan ’n kamera kan verbind.

Die BC 35 koordlose trukamera is versoenbaar met sekere Garmin navigasietoestelle met Android. Gaan na garmin.com/bc35 vir meer inligting oor toestelversoenbaarheid.

Jy kan tot vier BC 35 koordlose trukameras met jou versoenbare Garmin navigasietoestel paar.

1. Werk jou navigasietoestel by na die nuutste sagteware.

   Jou toestel steun dalk nie die BC 35 kamera sonder die nuutste sagteware nie. Raadpleeg die eienaarshandleiding van jou navigasietoestel vir meer inligting oor bywerking.
2. Skakel die Garmin navigasietoestel aan en bring dit tot binne 3 m (10 vt.) van die kamera.
3. Kies ⋯ > **Nutsmiddels** > **Agteraansig** > ✚ > **Garmin BC35**.
4. Kies jou BC 35 kamera uit die lys beskikbare kameras.

   **LET WEL:** Die paarkode of -wagwoord is op die versender van die kamera geleë.
5. Kies **Opstelling** en sit die gidslyne in plek deur die pyltjies op die skerm te gebruik.

   Indien die kamera of voertuig nie in die beste posisie is om belyning van die gidslyn te voltooi nie, kan jy die belyning later voltooi.
6. Kies **Berg**.

Nadat jy vir die eerste keer die paarproses met ’n kamera voltooi, verbind dit outomaties aan die Garmin navigasietoestel.

## Koppel ’n trukamera met bedrading

Om ’n trukamera met bedrading te koppel, moet jy ’n opsionele videomontering-bybehoorsel gebruik, wat ’n saamgestelde videotoevoerprop van 3,5 mm insluit. Gaan na garmin.com om ’n bybehoorselmontering te koop. Die videomontering-bybehoorsel word by sekere toestelmodelle ingesluit.

Jy kan ’n trukamera met bedrading koppel en die afvoer op die toestelskerm sien.

1. Vervang die oorspronklike toestelmontering met die videomontering-bybehoorsel.
2. Prop die kameravideokabel by die videotoevoerprop ① op die montering in.



## Sien die trukamera

**⚠ WAARSKUWING**

Hierdie toestel is bedoel om bewustheid van omstandighede te verbeter wanneer dit reg gebruik word. Wanneer dit verkeerd gebruik word, kan jou aandag deur die vertoonskerm afgetrek word, wat tot ’n ongeluk en ernstige persoonlike besering of die dood kan lei. Kyk slegs met ’n vlugtige blik na die inligting op die toestel. Bly altyd bewus van jou omgewing en moenie na die vertoonskerm staar of toelaat dat dit jou aandag aftrek nie. As jy op die vertoonskerm fokus, sal jy dalk nie hindernisse of gevare kan waarneem en vermy nie.

Jou toestel wys video vanaf die gekoppelde trukamera op verskillende maniere, afhangend van hoe die kamera aan krag gekoppel is.

1. Kies ’n opsie om video te wys:
   - Sit die voertuig in trurat indien die kamera aan ’n truratlig verbind is (word aanbeveel).
     Die toestel wys outomaties video vanaf die trukamera.
   - Indien die kamera aan ’n bestendige kragbron gekoppel is, kies ⋯ > **Nutsmiddels** > **Agteraansig** om die kamera per hand te sien.
2. Kies ’n opsie om normale toestelwerking te hervat:
   - Haal die voertuig uit trurat indien die kamera aan ’n truratlig verbind is (word aanbeveel).
     Die toestel hervat outomaties normale werking.
   - Indien die versender aan ’n bestendige kragbron gekoppel is, kies ◁ om die kamera per hand te versteek.

### Wissel kameras

Wanneer verskeie trukameras na jou toestel versend, kan jy tussen die aansigte vanaf die kameras wissel.

1. Kies ⋯ > **Nutsmiddels** > **Agteraansig**.
2. Kies ’n kamera aan die onderkant van die skerm.
   Die videostroom vanaf die kamera verskyn.

### Verander die kamera-oriëntasie

Afhangend van waar die kamera in jou voertuig geplaas is, kan die video op jou toestel as verstek onderstebo of as spieëlbeeld verskyn. Jy kan die video horisontaal roteer of vertikaal omdraai om dit reg te stel.

1. Kies ⋯ > **Nutsmiddels** > **Agteraansig** > ⚙.
2. Kies ’n opsie:
   - Kies **Weerspieël video**.
     **LET WEL:** Dit is handig vir kameras wat op die voor- of agterkant van jou voertuig geplaas is.
   - Kies **Kantel Video Om**.
     **LET WEL:** Dit is handig vir kameras wat op enige kant van jou voertuig geplaas is.

## Koppel ’n paneelbordkamera aan die kragmontering

Voordat jy ’n paneelbordkamera aan die kragmontering koppel, moet jy die paneelbordkameratoestel op jou windskerm monteer.

Jy kan die RV / Camper-toestelmontering gebruik om ’n versoenbare Garmin paneelbordkamera van krag te voorsien. Dit kan handig wees indien jy die RV / Camper-toestel en die paneelbordkamera aan dieselfde kragbron in jou voertuig moet koppel.

1 Monteer die RV / Camper-toestel in jou voertuig en koppel dit aan krag (*Montering van en kragtoevoer aan die toestel in jou voertuig*, bladsy 2).
2 Indien nodig, verwyder die RV / Camper-toestel uit die magnetiese montering vir ’n beter aansig van die USB-poort.
3 Prop die paneelbordkamera se kragkabel in by die USB-poort ① op die montering.




## Databestuur

Die toestel het 'n geheuekaartgleuf vir bykomende databerging.

**LET WEL:** Die toestel is versoenbaar met Windows 7 en nuwer, en Mac OS 10.4 en nuwer. Mac rekenaars kan bykomende derdepartysagteware vereis om lêers op Android toestelle te lees en te skryf.

### Omtrent Geheuekaarte

Jy kan geheuekaarte by 'n verskaffer van elektronika koop of voorafgelaaide Garmin karteringsagteware aankoop (www.garmin.com). Geheuekaarte kan gebruik word om lêers soos kaarte en gepasmaakte belangepunte te berg.

### Installasie van ’n Geheuekaart vir Kaarte en Data

Jy kan ’n geheuekaart installeer om die bergingspasie vir kaarte en ander data op jou toestel te vergroot. Jy kan geheuekaarte by ’n elektronikaverskaffer koop, of besoek www.garmin.com/maps om ’n geheuekaart met voorafgelaaide Garmin karteringsagteware te koop. Die toestel steun microSD geheuekaarte van 4 tot 256 GB. Geheuekaarte moet die FAT32-lêerstelselformaat gebruik. Geheuekaarte van groter as 32 GB moet geformateer word met gebruik van die toestel (*Formateer die geheuekaart*, bladsy 66).

1 Vind die kaart- en datageheuekaartgleuf op jou toestel (*Toesteloorsig*, bladsy 1).
2 Plaas ’n geheuekaart in die gleuf.
3 Druk dit totdat dit klik.

## Formateer die geheuekaart

Die toestel vereis ’n geheuekaart wat geformateer is met gebruik van die FAT32-lêerstelsel. Jy kan die toestel gebruik om jou kaart met behulp van hierdie lêerstelsel te formateer.

Jy moet ’n splinternuwe geheuekaart formateer indien dit nie met die FAT32-lêerstelsel geformateer is nie.

**LET WEL:** Formatering van die geheuekaart vee alle data op die kaart uit.

1 Kies **Instellings** > **Toestel** > **Berging en USB**.
2 Kies jou geheuekaart.
3 Kies ⋮ > **Instellings** > **Formateer** > **VEE UIT EN FORMATEER**.
4 Kies **Gedoen**.

## Verbind die Toestel aan Jou Rekenaar

Jy kan die toestel aan jou rekenaar met gebruik van ’n USB-kabel verbind.

1 Prop die klein punt van die USB-kabel by die poort op die toestel in.
2 Prop die groter punt van die USB-kabel by ’n poort op jou rekenaar in.

Afhangend van jou rekenaarbedryfstelsel, verskyn die toestel as of ’n draagbare toestel, ’n verwyderbare skyf of ’n verwyderbare volume.

## Oordra van Data vanaf Jou Rekenaar

1 Verbind die toestel aan jou rekenaar (*Verbind die Toestel aan Jou Rekenaar*, bladsy 66).
   Afhangend van jou rekenaarbydryfstelsel, verskyn die toestel as of 'n draagbare toestel, 'n verwyderbare skyf of 'n verwyderbare volume.
2 Maak die lêerblaaier op jou rekenaar oop.
3 Kies 'n lêer.
4 Kies **Wysig** > **Kopieer**.
5 Blaai na 'n lêergids op die toestel.
   **LET WEL:** Vir 'n verwyderbare skyf of volume, moet u nie lêers in die Garmin lêergids plaas nie.
6 Kies **Wysig** > **Plak**.

## Oordra van GPX-lêers vanaf jou rekenaar

Apple rekenaars kan dalk bykomende derdepartysagteware vereis, soos Android File Transfer, om lêers op hierdie toestel te lees en skryf.

Indien jy reeds roetes geskep het wat jy op jou toestel wil gebruik, kan jy GPX-lêers direk vanaf jou rekenaar oordra.

1 Verbind die toestel aan jou rekenaar (*Verbind die Toestel aan Jou Rekenaar*, bladsy 66).
   Die toestel verskyn as ’n draagbare toestel.
2 Maak die lêerblaaier op jou rekenaar oop.
3 Kies ’n GPX-lêer.
4 Kies **Wysig** > **Kopieer**.
5 Blaai na die GPX-lêergids op die toestel.
6 Kies **Wysig** > **Plak**.

### Uitvoer van GPX-lêers met die Garmin Drive toepassing

Jy kan data, soos roetepunte en roetes, in GPX-lêerformaat deel deur die Garmin Drive toepassing te gebruik.

1 Kies ’n opsie op jou RV / Camper-toestel:
   - Om roetepunte te deel, kies **Waarheen?** > **Geberg** > ☰ > **Deel** > **Garmin Drive**.
   - Om roetes te deel, kies ⋯ > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte** > 🔧 > **Deel** > **Garmin Drive**.
2 Kies een of meer roetepunte of roetes.
3 Kies **Gedoen**.
4 Maak die Garmin Drive toepassing op jou foon oop.
5 Volg die instruksies op die skerm om die .gpx-lêers te deel.

### Invoer van GPX-lêers met die Garmin Drive toepassing

Jy kan data soos roetepunte en roetes in GPX-lêerformaat invoer, deur die Garmin Drive toepassing te gebruik. Jy kan byvoorbeeld roetepunte of roetes wat in ’n e-pos ontvang is, na jou RV / Camper-toestel stuur.

1 Kies op jou slimfoon ’n .gpx-lêer en maak dit met die Garmin Drive toepassing oop.
2 Volg die instruksies op die skerm in die Garmin Drive toepassing.
3 Kies ’n opsie op jou RV / Camper-toestel:
   - Om ingevoerde roetepunte te sien, kies **Waarheen?** > **Geberg**.
   - Om ingevoerde roetes te sien, kies ⋯ > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte**.

### Uitvoer van GPX-lêers met ’n geheuekaart

Jy kan data, soos roetepunte en roetes, in GPX-lêerformaat na ’n versoenbare microSD kaart deel.

1 Voeg ’n versoenbare microSD kaart in die geheuekaartgleuf op jou toestel (*Installasie van ’n Geheuekaart vir Kaarte en Data*, bladsy 65).
2 Kies ’n opsie op jou RV / Camper-toestel:
   - Om roetepunte te deel, kies **Waarheen?** > **Geberg** > ☰ > **Deel** > **Geheuekaart**.
   - Om roetes te deel, kies ⋯ > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte** > 🔧 > **Deel** > **Geheuekaart**.
3 Kies een of meer roetepunte of roetes.
4 Kies **Gedoen**.

### Invoer van GPX-lêers met ’n geheuekaart

Jy kan data soos roetepunte en roetes in GPX-lêerformaat vanaf ’n versoenbare microSD kaart invoer.

1 Voeg ’n versoenbare microSD kaart, wat een of meer .gpx-lêers bevat, in die geheuekaartgleuf op jou toestel (*Installasie van ’n Geheuekaart vir Kaarte en Data*, bladsy 65).
   Die RV / Camper-toestel voer outomaties enige .gpx-lêers in wat op die microSD kaart gevind word.
2 Kies ’n opsie:
   - Om ingevoerde roetepunte te sien, kies **Waarheen?** > **Geberg**.
   - Om ingevoerde roetes te sien, kies ⋯ > **Navigasie** > **Ritbeplanner** > **Berg Ritte**.

## Die Aankoop van Bykomende Kaarte

1 Gaan na jou toestelprodukblad by garmin.com.
2 Kliek die **Kaart**-oortjie.
3 Volg die op-skerm-instruksies.

## Aankoop van Bybehore

Gaan na garmin.com/accessories.

support.garmin.com

Oktober 2023

GUID-9FC76615-A91B-4AAA-A205-B2EAA899321A v7